MET RYPERD EN MAUSER

J P Botha

Kopiereg voorbehou deur dr JP Botha

Uitgegee deur Bienedell Uitgewers
Posbus 3095
PRETORIA
0001
Sel: 0826 631 881

'N OUDSTRYDER VERTEL:

Die baie interessante ware gebeure en sy persoonlike ervaringe uit die Tweede Vryheidsoorlog; Johannes Botha, wat as bittereinder ná die Oorlog sy ervaringe in die stryd te boek gestel het onder die titel **Met ryperd en Mauser,** is hier aan die woord:

Inhoud

1. Na Mafeking 5
2. Derdepoort 11
3. Gevegte by Krokodilpoel 19
4. Weer na Derdepoort 27
5. Mafeking "aangeval" 31
6. Mafeking ontset 36
7. Verraai en ontwapen 41
8. Terug na kommando 47
9. Die Engelse vlug na Mafeking 51
10. Die begin van ons vlieënde kommando's 58
11. Die vrouelaer 63

12. In die Rustenburgse boswêreld 68
13. Op ou Breedt se plaas 75
14. Jan Gansoog se verbeelding 82
15. Na die Vrystaat 89
16. Brokkies uit ons kommando-lewe 95
17. Wegkruipertjie op die Hoêveld 104
18. Brakspruit 112
19. Rooiwal 118
20. Deur die blokhuislinie 125
21. Vrede 129

NA MAFEKING (1)

Omstreeks aan die begin van Oktober 1899 het die wekroep tot die burgers van die twee Republieke om hul land teen die onregverdige bedreiging van Groot-Brittanje te verdedig, weerklank gevind in die hart van elke reggeskape Boer. In ons Rustenburgse distrik was hierdie oproep voldoende om elke burger aan sy dure plig te herinner. Kommandering was nie nodig nie.

Ek was toentertyd 26 jaar oud en nog ongetroud. Ons eerste groepe het uit vier maats by een wa en ‘n span osse bestaan. Die ander kêrels was Gert Myburgh, Ockert Booysen en Abraham Cloete, ‘n onderwyser uit die Kaapkolonie. Die eerste bevele wat ons ontvang het was om na Lichtenburg te trek. Die waens las oral langs die pad aan totdat ons naderhand al ‘n hele handvol was. By my wa was ek die enigste perderuiter, maar teen hierdie tyd het ons laertjie al uit ongeveer ‘n honderd ruiters bestaan. Die offisiere sou ons eers vorentoe te Lichtenburg ontmoet.

Onder ons geledere was soos reeds vermeld ‘n sekere Abraham Cloete, wat onderwyser op Swartruggens was. Een van die burgers merk toe terloops op: “O, meester is ook hier!”

"Nouja, wat het jy dan van my gedink?” kom die skynbaar verontwaardige weervraag. “Ek is mos my ma se kind. Sal ek nou by die huis bly sit as my volk in gevaar verkeer en my land my nodig het?” Hierdie gesprekkie was van belang in die lig van latere gebeurtenisse. Te Lichtenburg aangekom, sluit ons toe by kmdt. Steenekamp van

Rustenburg aan. My veldkornet, Johannes Eloff, was ‘n man vir wie ek baie respek gehad het.

Reeds vroeg in die môre begin ons laer toe in die rigting van Mafeking beweeg. Ek kan my nie herinner dat ek al ooit weer in my lewe soveel stof soos daardie dag moes verduur nie. Vir veiligheid en spoed moes die walaer al padlangs trek. Die perdekommando het met vier-vier ruiters langs mekaar getrek. Die grond het ‘n donkerrooi kleur gehad. Dit was baie droog en die stof het dik en los gelê. Ongelukkig was die wind ook nog reg van voor, sodat die stofdampe soms so verstikkend om jou heen gewalm het dat jy die naaste ruiter aan jou skaars kon sien,

Ons het aanhou trek tot by Malmaniesoog. Die burgers se beswete gesigte was teen hierdie tyd so met stof besmeer dat jy net ‘n persoon se oë in sy kop kon sien blink! Die offisiere het dit veel beter getref omdat hulle op die voorpunt was.

Komdt. Steenkamp het met sy mense op Buurmansdrif laer getrek en generaal Snyman van Marico, aan die Malopo, bokant die dorp. Genl Cronjé het aan die suidekant van die dorp posisie ingeneem, waarvandaan hy later met ou Long Tom die lewe vir die Engelse in Mafeking baie onplesierig gemaak het.

‘n Paar dae na ons aankoms daar het ons perdekommando in die rigting van die dorp uitgetrek om te sien of ons nie die Engelse uit die dorp kon lok nie. Ons wou ook die omgewing verken ten einde vas te stel waarvandaan dit die beste sou wees om ‘n aanval te loods.

Toe ons by die Rhodesiese spoorlyn kom, bespeur iemand ‘n trein in aantog en skree: “Daar kom die trein!” Die burgers het toe onmiddellik aan weerskante van die spoor ‘n hele entjie teruggetrek en posisie ingeneem. Dit het blykbaar in die smaak van die Engelse geval, want die trein kom nog vinnig aangestoom alhoewel hulle van ons bewus was. Toe hy vir die mausers onder skoot kom trek ons op hom los. Ons sien dat die trein meteens tot stilstand kom, terwyl ‘n trok wat voor aangehaak was, losraak en nog ‘n goeie afstand bly voortrol. Toe trek die trein vinnig terug.

Ons het dadelik besef dat daar iets buitengewoons aan die gang moes wees en het nie soos die Engelse gehoop het, die trein bestorm nie, maar gewag om te sien wat sou volg. Meteens sien ons ‘n gemengde rook- en stofwolk van die aarde af opslaan en onmiddellik daarmee hoor ons ‘n geweldige donderslag wat die grond onder jou voete laat tril het. “Dinamiet!” skree die Boere terwyl ons staan en kyk na die plek waar pas tevore nog die trok gestaan het. Die Engelse het dus verniet hulle “ammunisie” vermors want tot op daardie stadium was daar nog niemand van ons beseer nie.

‘n Troepe-afdeling van die Engelse uit die dorp het toe hierna ‘n poging aangewend om ons mense aan te val. Die wêreld lê daar baie plat en gelyk en die baie kleinerige doringboompies wat daar staan het dit vir ons moeilik gemaak om die getal van die vyand wat ons aangeval het, te skat, maar ons het hulle goed die mauserlood opgelê, waarna hulle weer so stil-stil terug is, die dorp in.

Een van my ooms, Andries Botha, is die dag daar gewond – sy been bokant die knie afgeskiet. Hy het daarna nog elf maande gely voordat hy dood is.

Die volgende dag het ons perdekommando weer in die rigting van Mafeking uitgetrek. Die verstandhouding het onder die burgers bestaan dat ons die dorp dié dag sou gaan inneem. Ons jong klompie het ons klaargemaak om die Engelse te wys wat die Boere met ‘n mauser kon doen. Ons het ons die stryd min of meer so voorgestel: Toe kêrels, daar’s die Engelse! Jaag storm tot op ongeveer ‘n vyftig of ‘n honderd tree, spring af en vuur tot julle die wit vlag sien, of tot hulle almal platgeskiet is.

Ons begin toe om in ‘n wyduitgestrekte linie langs mekaar te trek. Nie te ver nie of ons ontvang bevele om eers stil te hou. Die krygsraad begin beraadslaag onderwyl ons wag. Na ‘n rukkie kom die bevel weer:”Voorwaarts!” Maar ons is nog nie behoorlik die volgende bult oor nie, of ons is weer genoodsaak om stil te hou sodat die offisiere kan krygsraad hou.

Hierdie prosedure het my naderhand begin verveel. By ‘n leë huis het ek ‘n ligte ronde stoel met ‘n leuning raakgeloop en in my arm gehaak. Elke keer as die bevel kom om stil te hou, het ek afgeklim en ewe gemaklik voor my perd op my stoel gaan sit onderwyl die offisiere beraadslaag. Hulle het my dit seker beny!

Ek wil geensins te kenne gee dat ek myself as ‘n groot held beskou het nie, maar ek en my maters was teen hierdie tyd al heeltemal seker dat ons voormanne geen voorneme koester om ons té naby aan die gevaar te bring nie. Later het ons verneem dat die offisiere besluit het om

die Engelse te probeer uithonger, aangesien dit minder bloedverlies sou meebring as ‘n direkte aanval op die dorp. Daarom het ons gedurende die nag begin om so na as moontlik aan die dorp ‘n aantal skanse op te rig sodat ons die dorp van al kante kon insluit en vaslê. Dit was 15 Oktober 1899.

Na hierdie paar dae van eerste oorlogondervinding kon ‘n mens al so hier en daar bespeur watter kêrels in staat sou wees om die komende stryd in al sy onverbiddelike meedoënloosheid te trotseer, terwyl jy ook verbaas gestaan het om te sien hoe gou sommige persone wat pas ‘n paar dae vantevore nog die monde vol gehad het van die heldedade wat hulle sou verrig, se gedrag reeds die teendeel begin bewys het.

Na enkele dae het die oormoedige meneer Cloete hom reeds vryelik deur sy spanmaats laat bedien, terwyl hy die gewoonte gehad het om smôrens besonder laat die watent waarin hy geslaap het, te verlaat. Daarna het hy dan ewe gemaklik sy ontbyt, wat deur ons ander vir hom voorberei is, kom nuttig.

Op ‘n sekere oggend toe die burgers van die hele laer al ‘n geruime tyd besig was om perde te vang, voer te gee en vir ons kos te berei – alles aksies wat taamlik luidrugtig plaasgevind het - lê Cloete nog lekker in sy toegeknoopte tent en slaap. Ek stap nader en skree: “Cloete! Cloete!”

Toe hy tevoorskyn kom, sê hy nors: “Julle gee mens nou werklik nie eers kans om in die oggend jou godsdiens te hou nie!”

Ek sê toe: “Dit moes jy vanmôre vroeg al gedoen het terwyl dit nog stil was. Die Here het geen behae in ‘n luiaard wat lê en slaap tot die son hom eers vuurwarm gebraai het nie!”

Daarna het dit ‘n bietjie beter gegaan maar die voorvalletjie het daartoe bygedra om Cloete se gesindheid teenoor my te vertroebel.

DERDEPOORT (2)

Om die kwesbaarheid van die Republiek se wesgrens by Derdepoort aan die Maricorivier te verminder, is ‘n afdeling van die Rustenburgse kommando daarheen gestuur onder bevel van ons ou raadslid, Casper du Plessis. Te Derdepoort en daarvandaan laer af langs die rivier was daar al ‘n aantal jare lank ‘n paar polisiekampe gevestig, waarvan Derdepoort die hoofkamp was. Johannes Riekert was die polisiekommandant aldaar. Vlak aan die oorkant van die rivier het Sikwanie, en daarvandaan verderaf ander groot swart statte van die Bagatlastam gelê, wat aan die kaptein Linchwe behoort het. Hy het aan die Boere gesê dat hy ons vriend was.

Die laer het naby die rivier gestaan. Elke dag was daar van die statte se inwoners in die laer om werkies vir die burgers te doen. Daar is ook patrollies na Mochudi, die hoofstat van Linchwe, uitgestuur. Mochudi is sewe uur te perd vanaf die rivier geleë. Die burgers het dus elkers by Mochudi aangedoen waar hulle dan nuus in verband met die Engelse troepebewegings ontvang het en wat dan ‘n bewys was dat Linchwe nog by die Boere gestaan het.

Die Engelse het agtergekom dat die Bagatlas nog ons vriende was en het planne beraam om hierdie vriendskap te vertroebel. Die laer te Derdepoort was nie hiervan bewus nie. Dit was blykbaar vir die vyand nie baie moeilik om hierdie swartes na hulle kant oor te haal nie.

Die burgers was houtgerus en het maar net ‘n paar wagte om die laer geplaas. Omstreeks middernag begin ‘n stuk of twee handmeksims skielik op die laer te skiet. Tegelykertyd loop die swartes storm en skree dat die

aarde dreun. Die meeste burgers het gedink, toe hulle deur die vreeslike rumoer uit hul slaap gewek word, dat die vyand alreeds in die laer was. ‘n Aantal van hulle neem toe die loop die veld in, terwyl die res die laer verdedig. Van die ongelukkige persone wat uitgevlug het, het daar nie een ontkom nie. In die nabyheid van die laer, langs die rivier, het ‘n paar van die polisiemanne in hul huise geslaap. Hulle is ook almal díe nag bloedig vermoor. Van hulle onthou ek nog ‘n sekere Potgieter en ‘n Pretorius.

‘n Aantal vroue en kinders wat in die huise was, is gevange geneem en na Mochudi, meer as 60 kilometer ver, te voet aangejaag. Iemand wat die Bosveld ken en weet hoe warm die son daar kan brand, sal beter as iemand anders kan begryp welke mishandeling die arme moeders en kinders deur daardie woestynstreek moes verduur. Langs daardie hele afstand was geen druppel water te kry nie. Hoe hulle ook al die swartes vir ‘n bietjie lafenis gesmeek het, het hul jammerkrete op dowe ore geval en geen genade of enige jammerhartigheid is aan hulle betoon nie. Hulle het ‘n kaalwa en osse saamgeneem waarop hulle dié vroue en kinders wat nie meer verder kon nie, naderhand opgelaai het.

Hennie Riekert, een van die polisie, was die selfde dag waarop die laer by Derdepoort aangeval is weer by die hoofstat, Mochudi. Hy is toe ook deur die Bagatlas gevang en aan die Engelse oorgelewer.

* * * *

Aan die begin van Desember vra ons offisiere vrywilligers om die Bagatlas van Sekwanie op hulle plek te gaan sit.

Ek was een van die burgers wat my dienste aangebied het. Ons getal het uit ongeveer ‘n honderd perderuiters bestaan, met ‘n paar waens daarby. Ek moes toe weer met vier van die vrywilligers maats maak: Oom Matthys Mostert en oom Flip Mostert en twee jong mans, Anthonie Mostert en Jan Heystek. Laasgenoemde het later onderwyser geword. In die nabyheid van Krokodilpoel kom ons toe by kmdt. Pieter Daniël Swart se laer. Dawid Louw van Buurmansdrif is toe vir ons klompie as kommandant aangestel en oom Flippie van Vuuren as veldkornet. Ons moes toe eers die perde ‘n paar dae laat rus.

Pieter Daniël, soos hy maar altyd genoem is, kon ook nie sy laer verswak deur te veel burgers daaruit vir die aanval op die Bagatlas te neem nie, maar hy het darem kans gesien om ‘n honderd man af te staan. Die twee kommandante is toe vroeg die môre na Derdepoort. So teen sononder dieselfde dag vertrek ons met driehonderd man, want intussen het oom Kassie (Casper du Plessis), die ou raadslid, ook met honderd man by ons aangesluit.

Ons trek toe in ‘n noord-westelike rigting na ‘n streep rantjies wat van Sekwanie af ongeveer vyf kilometer ver in Betsjoeanaland inloop. Vir verdedigingsdoeleindes het die swartes al op die rantjies langs ‘n reeks verskansings opgerig. Dié sou eers deur ons ingeneem moes word voordat ons hulle stat sou kon bykom.

Omdat ek my in die vreemde kommando waar ek my toe bevind het, maar taamlik ontuis gevoel het, kry ek toestemmng by my Kommandant om saam met kmdt. Du Plessis se manne te veg. Hier het ek ‘n paar van my neefs raakgeloop.

Ons moes die aand maar ‘n taamlike omweg trek om te verhoed dat die swartes ons gewaar. Ons het ook twee bommeksims saamgeneem.

Teen dagbreek die volgende môre hou ons regoor die verste punt van die rantjies stil, ongeveer ‘n duisend tree van die skanse op die koppies af. Voor ons voete het kaal, afgeoeste landerye van die swartes tot amper teen die koppies uitgestrek gelê.

Die kommandante moes elkeen met hul mense die koppies van verskillende kante bestorm. Ou Kassie, die ou raadslid by wie ek toe was, moes reg op die naaste koppie afstorm. Die bommeksims met die ammunisuiewa was na genoeg en kon oor ons koppe heen die skanse takel.

Toe dit so lig was dat ons goed kon sien, het die vyand ons alreeds gewaar want onmiddellik nadat ons begin storm, spat die koeëls tussen ons. Ons jaag tot vas teen die koppie aan, waarop ons afspring en op die skanse begin vuur. Die bommeksims doen ook van onderaf hul bes en laat kort-kort stofdampe op die vyandelike vestings uitslaan, maar die stoflaag het nog nie behoorlik weggetrek nie of jy sien weer die blou kruitrokies oor die klipmuur opwalm, want die meeste van hul gewere het uit martini-henry’s bestaan.

Aan ons regterkant was die bosse so ruig dat die swartes daarin geslaag het om ongesiens ons half te omsingel. Hulle was hier vlak voor in die ruigte so naby dat ons alles kon hoor wat hulle praat. Hulle het gou vasgestel dat oom Kassie ons aanvoerder was. Ons leiers was daardie tyd welbekend onder die swartes, wat vir elkeen ‘n bynaam gehad het. Hulle het hom Kassie “Ranjoba” genoem. So

tussen die skietery deur hoor ons hoe Sigale, Linchwe se veggeneraal skree: “Skiet dood vir Ranjoba! Skiet dood vir Ranjoba!” Oom Kassie skree toe dadelik terug: “Skiet dood vir Sigale! Skiet dood vir Sigale!”

Deur die onverwagte omsingeling word dinge vir ons klompie daar toe so warm dat ons onmiddellik die forte sou moes storm of anders sou moes retireer. Ons patrone begin opraak en ‘n paar van ons jaag haastig terug na die ammunisiewa om nuwe voorrade te gaan haal. Toe ons daar aankom, het ‘n klompie swartes pas daar opgedaag met die plan om die wa te buit. Met die hulp van komdte. Swart en Louw se mense het ons hulle gou-gou teruggedryf en die wa na veiligheid gebring.

Pieter Daniël Swart en Dawid Louw staan toe nog met al hul manne by die sloot waarvandaan ons die koppie stormgejaag het! Die afspraak was tog dat hulle die forte tegelykertyd vanuit twee ander rigtings sou aanval. Op ‘n vraag van my waarom hulle ons dan nie kom help nie, moes ek verneem: “Ons kan nie die ammunisiewa hier alleen laat nie.” Hulle het verder nog veel te sê gehad oor die “groot gevaar” wat die wa dan sou bedreig het. Ons het maar met ‘n vergewensgesinde glimlag toegegee dat dit ‘n dapper daad was vir tweehonderd man om ons skietgoed so getrou teen die bedreiging van ‘n handjievol bitterbekke te beskerm, terwyl die ander honderd man die spit in die aanval op die vyandelike skanse moes afbyt.

Weer by die vegterrein aangekom, gee oom Kassie bevel om die forte te bestorm. Die mense van Swart en Louw het darem nou op ons hakke gevolg.

Die domastrantheid van ons vyand het hulle dikwels gevaarlike teenstanders gemaak, want hy verlaat nie sommer sy skuilplek nie, maar hou aan met skiet totdat die Boere vlak voor die skans feitlik op hom is sodat hy nie meer sy kop bokant die muur kan uitsteek nie, want gelukkig het die vestings geen skietgate gehad nie Dan wip hy met ‘n ligte sprong oor die muur en verdwyn onmiddellik in die ruie bosgasie agter die skanse aan die anderkant van die kop. Hy wis goed dat daar in die onmiddellike nabyheid veilige skuilplek was, ‘n feit wat natuurlik tot sy astrantheid bygedra het. Dit was baie gevaarlik om hom in die ruie bosse agterna te sit want hy lê jou tot op ‘n paar tree en inwag om jou dan vanaf sy skuilplek ‘n gemaklike doodskoot toe te dien voordat jy hom nog kon gewaar. Hulle het gewoonlik taamlik goed geskiet.

Die beskermende hand van die Here het ons daardie dag teen baie ongevalle bewaar Ons kon ook uitroep: “Die Here is my skild; ek sal nie vrees nie.” Slegs een van ons manne, Pretorius, die adjudant van Pieter Daniël, is in sy been gewond.

‘n Deel van die vyand het van die rant af die vlaktes soos sprinkane ingevlug en gou-gou in die hoë gras, wat daar manshoogte gestaan het, verdwyn. 'n Klompie van ons burgers was nog gladnie tevrede nie en wou hulle agternasit, maar die offisiere wou dit nie toelaat nie omdat hulle geweet het hoe maklik dit vir die vyand sou wees om vanuit die hoë gras ons manne raak te skiet.

Daar het ek die eerste maal kennis gemaak met die onlesbare dors wat ‘n mens gewoonlik gedurende of na ‘n geveg beetpak. Gelukkig kom daar toe darem ‘n paar

waterkarre aan. Die bevel was dat elke man net een bekervol kon kry. Baie van die kêrels het nie bekers by hulle gehad nie en moes dan by ‘n maat geholpe raak. Alhoewel ek nooit daarvan gehou het om ‘n leuen te vertel nie, het die verskriklike dors my die dag daartoe gedryf. “Hier is myne!” sê ek terwyl ek my beker by die ander hou om volgegooi te word. Ek sluk hom leeg en hou hom weer ‘n slag. “Gooi ‘n bietjie in vir Jan!” Maar Jan s’n verdwyn ook deur my dorstige keel en ook nog Piet s’n! Toe het ek egter genoeg en oorhandig die beker aan die ander dorstiges.

Vandaar is ons toe al langs die streep rante verder om die swart stat van die anderkant af aan te val. Daar sou dieselfde môre nog twee kommando’tjies van die laer se kant af ‘n aanval op die stat maak. Die een klompie burgers sou by die drif wat na die stat lei, deur die rivier trek. Die ander sou oor ‘n damwal wat oom Hansie Riekert deur ‘n seekoeigat in die rivier met klippe gebou het, gaan.

Toe die swartes ons agter hulle gewaar, verlaat hulle haastiglik die stat en vlug die ruie bosse binne. ‘n Mens kon duidelik bespeur dat hulle paniekbevange was, veral toe die vlamme en rookwolke van die eerste hutte se strooidakke die lug begin instyg. Die hele stat was binne ‘n ommesientjie een groot rookwolk. Elke burger doen sy bes om die brand vinnig te laat versprei, terwyl hy met ‘n brandende bossie gras van die een hut na die ander ry.

By die drif waar die een klompie burgers die rivier moes oorsteek, het die vyand hulle goed verskans. Telkens wanneer die manne dit waag om deur die opening te kom, haal die vyand een van hulle neer. So het daardie dag ‘n

stuk of vyf burgers geval. Hulle kon nie daarin slaag om die rivier oor te steek nie.

Nadat ons die stat klaar verwoes het, het ons by die drif deurgetrek terug laer toe. Daar by die skanse het ‘n paar van die boosdoeners bly lê, maar ons was geensins tevrede nie want die bloed van ons vermoorde burgers was nog lank nie gewreek nie. Alhoewel die Bagatlas almal na hul hoofstat weggevlug het, kon hulle daarvandaan nog steeds strooptogte op tou sit.

Vanaf Derdepoort na Pilansberg het die Bosveld in daardie dae oor ‘n afstand van meer as honderd kilometer woes en leeg gelê, sonder ‘n blanke inwoner. So het dit gebeur dat op ‘n sekere dag die swartes ‘n paar ossewaens wat met voedsel belaai op pad na die Derdepoortlaer was, in die nabyheid van Kaja-se-put aangeval het. Hulle het die waens geplunder en die paar blankes – onder andere Marthinus Ras, Willem Els en Jan Els – op ‘n gruwelike wyse vermoor. 'n Paar persone het vrygekom. Een hiervan was Willem Gous, ‘n dapper man en goeie hardloper. Aan die begin van sy vlug het die swartes nog op hom probeer skiet, maar hy het ongedeerd daarvan afgekom. Hulle het probeer om hom lewendig te vang. Hulle wou sy hart uitslag onderwyl hy nog leef, sodat elkeen ‘n stukkie daarvan rou kon eet om sodoende, volgens hulle primitiewe bygeloof, iets van die onverskrokkenheid van hierdie witman te verwerf.

Dis jammer dat die Boere gewoonlik so goedvertrouend en so min bedag was op gevaar. By daardie waens moes minstens vyftig of meer gewapende perderuiters gewees het. Dan sou die booswigte dit nie gewaag het om hul verraderlike aanval op die paar waens te loods nie.

GEVEGTE BY KROKODILPOEL (3)

Op hierdie stadium was daar vir ons kommando'tjie op Derdepoort verder niks te doen nie. Ou kmdt Du Plessis se laer moes daar bly om 'n moontlike inval in Transvaal deur die vyand vanuit hierdie rigting te verydel. Ons driehonderd burgers is toe weer terug na die laer van kmdt Pieter Daniël Swart.

Toe ons honderd vrywilligers by Mafeking gewerf is vir die aanval op die Bagatlas by Derdepoort, het die offisiere ons belowe sodra ons taak daar afgehandel sou wees, ons vir 'n paar weke verlof sou kry. Almal gesels toe net hoe lekker dit sal wees om weer 'n slag tuis te wees. Na 'n paar dae se rus begin die burgers kmdt Dawid Louw oor ons beloofde verlof te pols. Sy antwoord was dat hy dit nie op eie houtjie kon toestaan nie, maar hy sou eers na Mafeking moes gaan om verdere bevele van die offisiere daar te ontvang. Ons moes maar intussen eers op Derdepoort bly tot hy terugkom. Hiervoor het ons nie kans gesien nie. Ons het vir hom gesê ons sien geen sin in 'n nuttelose leeglêery solank as wat hy weg is nie. Ons werk is tog hier afgehandel en ons is vas van plan om, sodra hy vertrek, ook in die pad te val Mafeking toe.

Die môre toe ons die laer verlaat, was daar maar omtrent twintig perderuiters met drie waens wat die moed gehad het om voet by stuk te hou. Ons ou Veldkornet wou dolgraag met ons saamgaan, maar as offisier sou sy oortreding baie groter as ons s'n wees en daarom moes hy ons maar staan en agternakyk.

By die eerste uitspanplek kom hy en 'n sekere oom Johannes Coetzee egter by ons aangery en vertel dat hulle

gestuur is om ons om te haal om weer terug te gaan. Ons sê toe dat as hulle nie gewillig is om met ons saam te gaan nie, ons hulle met geweld sou saamvat. Hulle willig toe in om ons te vergesel.

Oom Hansie was van kmdt Pieter Daniël se mense. 'n Dag of wat later toe ons naby sy woning verbytrek, stuur ons hom huis toe met 'n maand verlof!

Op Buurmansdrif stuur ons twee manne na die offisiere toe om ons saak aan hulle te gaan voorlê. Die volgende môre het 'n paar van die offisiere ons kom besoek en na heelwat gepraat en nog meer beloftes het ons toe ingewillig om die volgende dag - dit was Nuwejaarsdag - weer terug te trek.

'n Week of twee nadat ons weer in die laer by Krokodilpoel aangekom het, het van Gaberon se kant af 'n gepantserde trein met troepe-afdeling een van die ruie koppies in besit geneem, sodat ons nou weer werk gehad het om te doen. Ons moes hulle verhinder om verder na Mafeking deur te trek.

Tussen ons laer en die Engelse het 'n lang dwars rant gelê wat, as die Engelse hom in besit sou neem, hulle in staat sou stel om die veiligheid van ons laer te bedreig. Daarom het ons op 'n paar plekke verskansings opgerig om die berg vir ons veilig te hou.

Hoog op die rant waar die berg aan die ruie Notwanierivier eindig, het ou kapt Von Dalwich vir die artillerie 'n fort gebou met drie kanonne daarin.

Een maanligaand was ek met twaalf burgers in een van die skanse op wag. Ongeveer sestig tree van ons af was die volgende twaalf burgers verskans. Skielik hoor ons hoe die Engelse reg onderkant ons besig is om die rant uit te klouter. Die berg was aan hulle kant baie styl en ruig. Ons kon hulle nie sien voordat hulle op ongeveer ‘n veertig tree afstand op ‘n gelykte voor ons uitkom nie. Ons het met die ander burgers afgespreek om hulle so na as moontlik te laat kom. Die voorpunt wou al haas ons verskansing verbysteek toe die klompie mausers in ‘n hewige maar kort sarsie losbrand, waarna ons die vuur staak om eers te luister. Ons hoor net klippe stamp en rol en het nie weer gevuur nie want hulle was reeds oor die bank terug en veilig. Die volgende môre het daar in die onmiddellike nabyheid van die fortjie ‘n aantal hoede, patroonbande en gewere rondgelê en ook ‘n paar gesneuweldes.

‘n Week daarna het hulle ons gedurende die nag halfpad omsingel en reg onderkant ons langs ‘n spitskoppie ‘n kanon opgestel sodat hy veilig verskuil was agter die koppie vir die kanonne van ou Von Dalwich, maar vir ons mooi onder skoot gehad het.

Toe dit lig word het die burgers begin hout soek om koffie te maak en oral begin rondstaan. Meteens fluit die leemetford-koeëls oor ons koppe. Ons spring in ons verskansing. Die Engelse vuur die een sarsie na die ander en die kanon skiet dán oorheen en dán te kort.

Die fort het uit ‘n ronde hok van skaars drie voet hoog bestaan en daar was ook geen skietgate in nie. Ons moes dus bo-oor skiet. Soos ek reeds gesê het, kon die Engelse tot op ongeveer ‘n veertig tree afstand van ons af vorder

sonder om gesien te word. As hul bolywe dus bokant die naaste gelyktetjie tevoorskyn kom, was daar nie kans om jou kop weg te steek nie, want elke man moes dan net doen wat hy kon om hulle van ons skans weg te hou.

Langs my hoor ek so tussen die gefluit van die koeëls deur ‘n benoude gesteun en sou toe sien dat een van die manne plat op die grond lê en kreun van angs. My eerste gedagte was dat hy miskien gewond kon wees, maar ‘n vlugtige ondersoek het aan die lig gebring dat dit niks anders was nie as skone vrees vir die vyand se koeëls. Ek pomp hom met die elmboog in die sy en sê hy moet ons help skiet, maar hy lê plat teen die grond en kreun en steun net al hoe harder!

Ons klompie moes die kop byna twee uur lank verdedig voordat die perdekommando van die laer af opgedaag het.

Intussen het ou Von Dalwich die bestoking van ons skanse deur die Engelse kanon agter die spitskoppie agtergekom en niks daarvan gehou nie. Alhoewel hy nie die kanon kon sien nie, het hy begin om dwarsoor die koppie ‘n paar bomme te gooi. Soos die geluk dit wou hê, was die derde hou ‘n voltreffer en kon ons dadelik al vryer asemhaal op die rant, want die Engelse kanon was stil!

Toe die Engelse die perdekommando gewaar, het hulle onmiddellik die ruie bosse in laat spat. ‘n Week later het hulle met drie kanonne wat hulle op verskillende posisies geplaas het, op ou Von Dalwich se fort losgetrek. Die bomme het so vinnig op hom neergereën dat dit gelyk het of hy nie sy kop sou kon uitsteek nie, laat staan nog terugskiet. Tog het hy daardie dag ‘n hele aantal bomme aan hulle teruggestuur.

Een nag ontvang ons berig dat die Engelse aan die kom is om ons laer en die fort van Von Dalwich aan te val. Daarop word oom Flippie van Vuuren met twintig man gestuur, waarvan ek een was, om naby die fort te gaan brandwag staan. Van Vuuren kies ongelukkig ‘n uiters ongeskikte en gevaarlike plek aan die voet van die rant, byna op die wal van die ruigbegroeide rivier. Dit sou vir die Engelse moontlik gewees het om langs die rivier op te kom en ons reeds lank vantevore op die knoppie te gewaar, terwyl ons niks van hulle sou geweet het voordat hulle twintig tree van ons af op die rivierwal uitklouter nie.

Die Veldkornet plaas twee kêrels op die wag en die res maak gereed om so lank te slaap. Hiervoor voel ek egter té ongerus en stap ‘n endjie opsy om seker te maak of alles pluis is.

Ons perde het in hierdie tyd aan ‘n nare hoessiekte gely - ‘n soort Nuwesiekte - wat die wêreld vir ons baie onveilig gemaak het, want kort-kort hoes een van hulle met ‘n geproes en geruk wat die stiebeuls en saalklappe laat rinkel, sodat jy hom vér in die stil naglug kon hoor.

‘n End bokant my teen die rant hoor ek ‘n klip omrol. Ek span my ore in. Na ‘n klein rukkie stilte rol daar weer een, kompleet soos wanneer voetgangers versigtig hul pad teen die berg in die donker voel.

Ek gaan roep vir Van Vuuren, waarop ons nog steeds die verdagte geluide hoor. Daarop wek ons al die kêrels om gereed te staan vir enige gebeurlikheid, want die algemene gedagte was dat die vyand besig was om ons suutjies te omsingel. Een van die manne slaap só vas dat, hoe ons

hom ook al rondrol, ons nie daarin kon slaag om hom wakker te kry nie; hy snork maar veilig deur!

Gelukkig begin die dag na ‘n rukkie te breek. Ons gewaar in die skemer twee perde reg bokant ons teen die rant aan die wei - die oorsaak van al ons bekommernis. Ons perde moes almal saans in die laer wees, daarom het ons hulle geensins daar verwag nie.

Wanneer jy in die donker brandwag staan, was jou perd vir jou gewoonlik van onskatbare waarde, want lank voordat jy nog enige verdagte geluid kan hoor, draai hy al sy oortjies luisterend en gespanne na vore en dan weet jy dat hy reeds iets verdags gewaar het.

‘n Paar dae daarna het die vyand toe ‘n nagaanval op Von Dalwich se fort gemaak. Hy het gewoonlik maar taamlik growwe taal in hierdie omstandighede gebesig. In die heetste van die geveg skree hy vir sy artilleriste: “Laag skiete, dat hullie kan lank vrekke!”

Hulle moes seker hierdie bevel gehoorsaam het, want die volgende môre het daar werklik nog sewe Engelse gelê waarvan die bene afgeskiet was. Hierdie sewe afbeen Engelse het ons toe gebruik om vir Hennie Riekert wat by Derdepoort deur die Bagatlas gevang is en die sewentien vroue en kinders wat hulle weggevoer het, van die Engelse terug te ruil.

Genl Kemp was hierdie tyd ook by ons op Ramoutsa, Krokodilpoel, met ‘n klomp Krugersdorpers.

Een aand kry ek bevel om weer die skans op die kop met ‘n klompie van sy penkoppe te gaan bewaak. Dit het toe al

die heeldag lank gereën. Die hok het ‘n ronde vorm gehad en sy muur was ongeveer ‘n meter hoog. Op die vloer het ‘n bolseil vir beskutting teen die reën gelê. Die klomp seuns het baie gou onder die seil verdwyn en soos sardientjies ingepak gelê. Ek het die indruk gekry dat hulle klaar gehensop het. Hulle grootste vrees was dat die Engelse hulle moontlik te vroeg kon kom steur. Twee van hulle wat ek laat wagstaan het, het vir my gesê toe ek by hulle die eerste rondte doen, dat hulle al driemaal afgelos moes gewees het! Ek het toe maar al om die rand van die seil langs die spulletjie begin wakkermaak om die wag te gaan aflos. Ek het nie een se naam geken nie en het toe maar sommer die bondel onder die seil van bo-af ‘n paar plukke gegee en gesê: “Haai man, kom staan wag!” Ek het van elkeen van hulle presies dieselfde antwoord gekry, plus ‘n paar knope daarby: “Ek hét al wag gestaan.”

Daarna gaan ek na die twee op wag en vra of hulle nie miskien twee van hul maters onder die bokseil kon gaan uithaal om hulle af te los nie. Na ‘n rukkie loop ek weer voel-voel in die stikdonker na die kant van die skans waar die wag moes wees. Dit reën toe nog een stryk deur en jy kon amper nie jou hand voor jou oë sien nie. My twee wagte was toe al reeds saam met al die ander onder die seil. Ek het my toe verder nie meer oor hulle bekommer nie, want dit was mos duidelik dat almal van hulle dapper manne was, wat glad nie bang was om gevang of doodgeskiet te word nie.

Ek het dié nag met die mauser in die hand op my voete bly staan. Die reën het hard in die donker neergestort en dit was onmoontlik om iemand te sien of te hoor naderkom. Maar gelukkig vir die klompie penkoppe het die Engelse hulle in hierdie stormagtige nag ook nie op

die aanval gewaag nie. Hulle sou ook maar moeilik daarin geslaag het om ons skans raak te loop.

WEER NA DERDEPOORT (4)

Eers in Februarie 1900 het ons klompie vrywilligers uiteindelik verlof gekry om ‘n bietjie huis toe te gaan. Sommige van die burgers - ek inkluis - ly toe alreeds aan malaria. Ek kon die huis skaars haal en moes ‘n tydjie in die bed deurbring.

Oom Flippie van Vuuren, ons veldkornet, was ook met verlof. Vroeg op ‘n sekere oggend kry ons van hom kennis om op die plaas Brakspruit bymekaar te kom. Daar aangekom vorm ons ‘n kommando’tjie van omtrent vyftien man sterk. Hy vertel ons dat hy berig ontvang het dat die laer by Derdepoort deur die Bagatlas omsingel en vasgekeer is. Ons moes dadelik soontoe gaan om te kyk wat ons aan hulle haglike posisie kon doen. So begin ons reis weer die boswêreld in. Hierdie tog het my uithoudingsvermoë tot amper op sy breekpunt gespan, want die koors het my toe nog kwaai beet.

Voordat ons die bewoonde wêreld heeltemal verlaat het, ry ons op ‘n plaas aan waar ‘n ou oom en tante en ‘n paar groot dogters gewoon het. Hulle was baie gasvry en die ou tannie nooi ons vriendelik na binne en vra of ons nie elkeen ‘n bietjie dikmelk wil drink nie. Amper tegelyk het al die kêrels ja gesê. Met die uitsondering van twee was ons almal nog jongkêrels en het maar baie na die kant van die mooi jongmeisies geloer!

Die tante het nog ‘n aantal van die groot bont kommetjies besit wat sy met behulp van haar dogters toe volgemaak en op die tafel geplaas het.

“Help julle maar self, neefs, “ nooi sy ons. ‘n Hele paar spring tegelyk op. Ons het darem al te lus vir die heerlike versterking gehad! Onderwyl een van die kêrels buk om die groot kommetjie met albei hande op te tel, neem ‘n tweede een sy kommetjjie sommer bo-oor hom. Die eerste kom skielik orent, met die gevolg dat sy kop hard met die boom van die kommetjie bots sodat dit vinnig omkeer en die hele inhoud mooi netjies oor hom uitstort. Jy sien net dikmelkstraaltjies deur sy hare, oor sy rug tot in sy haakskene tap. Meteens is daar ‘n doodse stilte. Die twee kyk mekaar beteuterd, sonder ‘n woord aan. Die meisies kyk na mekaar en sê ook eers niks nie. ‘n Paar van ons kies die deur en skater dit toe buite uit. Ek kan my nie voorstel dat ons klompie ooit weer gedurende ons kommandolewe so ‘n vermaaklike voorvalletjie belewe het nie. As die leser die veroordeelde uitdrukking in die wilde oë van ons bedikmelkte vriend kon sien, sou u heerlik saamgelag het.

Ons was omtrent sestig kilometer die boswêreld in, toe die malaria my weer straf beetpak. Die son is ondraaglik warm en die los, swart turfvlaktes strek eindeloos na vorentoe uit. Die arme perde word tam om sonder pad deur die bedrieglike turfpotte te sukkel. Van water is daar nie eens meer sprake nie; die bietjie wat jy nog het is so warm soos die son self.

Uiteindelik kom die bevel om af te saal en ‘n bietjie te rus. By die perde word ‘n paar wagte geplaas, want die gebeure by Kaja-se-put het ons op ons hoede geplaas teen ‘n verderflike verraderlike aanval van die swartes.

Die manne lê met koppe teen die saals en rus. Ons was só moeg dat die meeste kêrels gou-gou vas aan die slaap was.

Ek lê eenkant met toe oë en met ‘n kop wat van die stekende pyn kon bars. Skielik knal daar vlak by ons ‘n paar oorverdowende poena-skote en ons hoor ‘n harde geskree: “Kaffers! Kaffers!”

Alles is dadelik in rep en roer soos ons opspring en vaal van die skrik met geweers in die hand in alle rigtings loer. Toe hoor ons meteens oom Flippie se skaterende gelag en sien hom ‘n endjie daarvandaan staan terwyl hy die uitwerking van die poets wat hy ons gebak het met ondeunde oë gadeslaan en geniet. Maar alhoewel ons verligting groot was, kon niemand juis saamlag nie, want ons skrik was nog groter. Ons wis maar al te goed dat daar geen genade vir ‘n burger sou wees wat in die hande van die swartes sou val nie. Jy gaan eenvoudig ‘n wrede marteldood tegemoet wanneer jy oorgee. Hierdie petalje het my hoofpyn nog vererger.

‘n Endjie verder kom ons ‘n klompie burgers teë wat ons verseker dat dit ‘n vals gerug is dat die Derdepoortse laer vasgekeer is. Al die moeite en ontbering was dus boonop nog onnodig!

Daardie twee dae terug huis toe staan in my geheue gegrif as die swaarste rit wat ek nog ooit te perd moes aflê. Die warm son is vir iemand met ‘n strawwe koors gewoonlik onuithoubaar en dit val te begrype hoe lastig jou geweer en patroonbande onder hierdie omstandighede kan word. Daarby kom nog die gevoel dat die gestamp van die moeë perd se pote teen die harde turfknoppe niks anders is nie as jou kop wat daarteen stamp, ‘n gewaarwording wat nie daartoe bydra om jou humeur binne redelike perke te hou nie.

In die nabyheid van Mabieskraal, ‘n swart statjie, kom ons weer in veilige veld en gewaar ‘n klompie hoë apiesdoringbome. Ons besluit om daar af te saal en onder die heerlike koeltebome te rus. Ons was almal baie moeg en kort daarna was die meeste van ons reeds vas aan die slaap.

Na ‘n rukkie kom daar by ons ‘n ou Engelsman aangestap. Hy was ‘n Rooms-Katoliek. Ons het hom almal geken omdat hy so baie rondgetrek het. Sy besoek was hoogs onwelkom, want ons wou liewers ongestoord rus. Hy begin toe met ‘n paar van my maats te gesels en ewe grootpraterig vertel hy vir hulle hoe dwaas die Boere is om teen ‘n magtige wêreldmoondheid soos Groot-Brittanje te veg. Toe ek naderhand sy slimstories nie meer kon utstaan nie, ook weens die geprikkelde toestand waarin ek verkeer het, lig ek my kop uit die saal, neem my mauser en beveel hom om onmiddellik sy geklets te staak en te maak dat hy wegkom, of anders plant ek ‘n mauserkoeël in sy groot maag.

Dit was nie nodig om my dreigement uit te voer nie, want hy het dadelik op onwaardige wyse die aftog geblaas.

MAFEKING "AANGEVAL" (5)

Gedurende die paar maande wat ons klompie Mafeking verlaat het, het daar twee gebeurtenisse plaasgevind wat meldenswaardig is: Daar het ‘n oproep van die Kommandant-Generaal gekom om soveel as moontlik van die Mafekingse burgers na Colenso te stuur, waar die oorwig van die vyand al haas gedreig het om te veel vir die weerstand van die Boeremagte te word. Hulle is toe soontoe.

Verder het die vyand ‘n aanval gewaag op een van ons forte, wat die “Platboomfort” genoem is. Die fort was tussen ‘n aantal jong doringboompies geleë. Die vyand het vroeg in die môre, toe dit pas lig was, reeds begin om die fort aan te val. Hulle het daarin geslaag om in die donker reeds so na aan die fort te kom dat dit nie lank geneem het vir ‘n paar van die tommies om tot bo-op die dak van die fort te vorder nie. Hulle wou bo-oor klouter om by die deur in te kom! Maar hoe astrant die aanval ook al was, die burgers het hulle nie van stryk laat bring nie en hulle dapper verweer. Die geveg het so lank aangehou dat die perdekommando van die laer af ook ‘n deeltjie daarvan kon meemaak. ‘n Aantal van die vyand het daar bly lê en sou nie weer die drankies wat hulle besieling vanaf Mafeking tot bo-op die platboomfort was, proe nie. Hulle het soos die ou jong gesê het, lekkerlyf uit die wêreld gegaan en hul laaste fort gestorm.

* * *

Nadat ek ‘n bietjie van die malaria herstel het, is ek weer Mafeking toe en het toe daar met ‘n burger maats gemaak

wat alleen by sy wa was en my ook graag vir ‘n maat wou hê. Sy naam was Frans du Toit. Later het ek verneem dat ons veldkornet, Johannes Eloff hom moes kommandeer, voordat hy so ver gekom het om die wapen teen die Engelse op te neem.

Intussen is genl. Cronjé, wat later by Modderrivier moes oorgee, ook met sy kommando na die Vrystaat opgeroep. Ons kommando’s by Mafeking het toe onder generaal Snyman van Marico. gestaan.

Gedurende hierdie tyd het ‘n sekere kapt. Eloff by Mafeking aangekom en ‘n klompie vrywilligers bymekaar gemaak om die dorp te bestorm en in te neem. Dit was aan die begin van Mei 1900. Eloff se manne is aangesê om teen elfuur die aand vir die aanval gereed te wees. Hulle moes die geveg begin deur die oggend van 12 Mei teen dagbreek die Barolongstat wat tussen ons en die dorp gelê het, aan die brand te steek. Dit sou vir ons perdekommando onder genl. Snyman die sein wees om tot die aanval oor te gaan.

Vroeg die volgende môre staan ons perdekommando toe gereed, nie baie ver van die swart stat af nie. Na ‘n rukkie begin die dag te breek en meteens hoor ons die mausers praat terwyl dik rookwolke soos offers in die vroeë môre skielik die lug begin instyg.

“Daar’s die rook!” skree ‘n paar van die burgers. Elke man staan met die teuels oor sy arm gehaak en wag nou net met senuweeagtige spanning op die bevel om tot handeling oor te gaan.

Iemand wat nog nooit tevore in sy lewe aan so'n geveg deelgeneem het nie, kan hom nooit voorstel watter koorsagtige haas om te begin jou beetpak nie.

Die burgers se oë bly verwagtend op die offisiere gevestig. Laasgenoemdes gaan egter eers opsy om krygsraad te hou. Intussen gaan die ontketende geveg al hoe dieper in die dorp in, onderwyl ons perdekommando maar nog steeds houtgerus staan en wag. Dit word naderhand tienuur, elfuur, twaalfuur en in die dorp self hoor jy nog so af en toe 'n verdwaalde skoot val.

Naderhand trek ons perdekommando maar weer terug laer toe, gee die perde goed voer en begin die keteltjies te kook. Dié aand moes ons perdekommando om die dorp heen waghou sodat daar glo nie van die vyand se geledere moes ontsnap en vryraak nie! Dog nog 'n hele rukkie voor twaalfuur die nag kry ons 'n rapport van die laer af dat Eloff en meeste van sy manskappe deur die vyand gevange geneem is. 'n Klompie van hulle het egter daarin geslaag om weer uit die dorp te vlug en by ons kommando aan te sluit.

Vir my het die hele wyse waarop die sogenaamde "aanval" plaasgevind het as 'n belaglike klugspeletjie voorgekom. Een van my vriende, Jacobus Opperman, wat aan die aanval deelgeneem het, het my later vertel watter wedervarings hulle in die dorp te beurt geval het. Volgens Opperman was dit vir die klompie burgers sommer kinderspeletjies om in die dorp self te kom. Nadat hulle die stat byna sonder enige verset van die vyand deur is, is hulle nog steeds sonder om te veg die dorp in. Die vyand was blykbaar skoon verras en oorbluf en het geen aanval allermins vanuit die stat verwag nie. Hulle het in hul

bomskuilings gevlug en kon, toe hulle hul oë uitvee, nie meer op die Boere skiet nie, want dié was alreeds tussen hulle forte deur, die dorp in. Hul forte het aan die dorp se kant geen skietgate gehad nie en dit sou nie raadsaam wees om die kop aan hierdie onbeskutte kant uit te steek nie.

Opperman en sy maters wis nie wat om te doen nie. Vir die aangestelde offisiere het die burgers weinig ontsag getoon en elkeen het gemaak wat hy wou. Sommige kêrels trek die Engelse se perde uit die stalle en ry in die dorp rond. Al gou het 'n paar van hulle 'n voorraad whiskey ontdek en begin toe om fees te vier. Na 'n rukkie het hulle die gevaar waarin hulle hul bevind het, skynbaar vergeet, want die vyand was nêrens te sien nie. Kort voor sononder het die leemetfordkoeëls egter 'n einde aan die pret gemaak. Die straf wat hulle moes ondergaan vir die skade wat hulle aan die Engelse se drankvoorraad berokken het, was om as gevangenes verder saam met die vyand in Mafeking te bly en saam te eet aan die perde- en donkievleis wat toe ook alreeds skraps begin word het.

Die ander manne, vertel my vriend, moes onder 'n stortbui koeëls deurvlug en het tog daarin geslaag om die loop van die Moloporivier te bereik. Sy walle is nie hoog nie en hulle moes deurgaans op hande en voete in die modderige water kruip om die koeëls, wat gedurig om hulle gefluit het, vry te spring. Toe begryp ek waarom hy soos 'n otjie gelyk het wat in die modder rondgerol het.

So het die laaste poging wat ons gedurende die beleg van Mafeking aangewend het om die dorp te verower in 'n volslae mislukking geëindig. Waarom ons perdekommando nooit so vér kon kom om aan te val nie,

begryp ek vandag nog nie. Moontlik was daar ‘n gegronde rede voor.

MAFEKING ONTSET (6)

Aan die begin van Mei 1900 het gerugte die rondte gedoen dat kol. Mahon met ‘n sterk troepe-afdeling aan die nader is om vir 'Barend Paul' (Baden Powell) uit sy benarde posisie te kom verlos en Mafeking te ontset. Van Vryburg af was ‘n ander afdeling van die vyand aan die kom, met wie die Boere by Kraaipan slaags geraak en ‘n paar van hulle minder gemaak het. Hulle het toe langs ‘n wye omweg getrek totdat hulle by eersgenoemde mag aangesluit het.

Elke dag het van ons patrollies van hul verkenningswerk teruggekeer sonder om tekens van die vyand te gewaar. Tot op die aand van die 15e Mei kon hulle nog geen nuus van die Engelse bring nie. Een van die windmakers, ‘n sekere Diederiks, sê toe aan die kommandant: “Gee my agt goeie kêrels, dan sal ek môreaand vir hulle kom sê waar die Engelse is.!”

Die agt man is daarop aangewys en ek is jammer om te sê dat ek ook een van hulle was.

Teen hierdie tyd het ons perdekommando nie meer in die laer geslaap nIe, maar buite teen die hang van ‘n bult, want ons wis dat ons in die nag op die hoogte meer sigbaar vir die vyand sou wees.

Op die 16e Mei - dit was my verjaarsdag - is ons agt toe van die kommando af weg. Ons het die hele dag in ‘n suid-westelike rigting getrek om op die spoor van die vyand wat van Vryburg se kant af nader, te probeer kom.

Teen die middag kom ons by ‘n verlate wit huis. Aan die agterkant van die huis tref ons ‘n saal met volle uitrusting teen die muur aan, maar die Kakie-eienaar kon ons nie raakloop nie. Die ruie vaalbos-begroeide omgewing was in sy voordeel.

Byna sononder kom ons op die spoor van die vyand wat toe al ongeveer twee dae gelede daar verby is. Daar het ‘n Engelsman, ene Wright, gewoon by wie die vyand ‘n paar gewondes agtergelaat het, want soos ek alreeds vermeld het, het ‘n klompie burgers die aankomende vyand onder die lood gesteek.

Daar dit toe al te laat was om nog verder agter die Engelse aan te trek, het ons besluit om maar terug te gaan. Laat in die nag kom ons toe weer op die bult uit waar ons die kommando moes ontmoet. Ons bespeur tot ons verbasing dat die kommando weg is. Ons sien vuurtjies in die rigting van Mafeking brand en besluit om maar daar te bly totdat dit lig word. Ek en Koos Dreyer gaan toe verken om vas te stel wie se vuurtjes dit was. Ons moes maar versigtig te werk gaan om nie met die wagte deurmekaar te raak nie en kon dus nie ons lyf te naby waag nie. Naderhand lê ons na die gedreun van die stemme en luister want die hele laer was besig om gedemp rondom die vure te gesels, maar hoe ons ons ookal inspan, kon ons nie uitmaak watter taal gepraat word nie. Ons moes maar weer onverrigter sake terugkeer.

Terug by ons leier, kom ons agter dat hy te lugtig is om te slaap en verwag dat ons al agt die heel nag moet wakker sit om ‘n moontlike vyandelike aanval betyds te gewaar. Dit wou ons nie doen nie en ‘n paar van ons gaan toe lê en sê aan hom om ons na ‘n uur te roep vir die wag. Gou is

alles gereël en die anderdagmôre voel ons redelik uitgerus. Ons probeer weer die identiteit van die vreemde laer vasstel, maar kon nog nie daarin slaag nie.

Daarop trek ons al agter die bult langs in ‘n poging om by die vreemde laer verby te kom na ons kommando toe, want dit word nou vir ons duidelik dat daar in ons afwesigheid iets buitengewoons moes gebeur het. Waar ons laer was, is niks te sien nie. ‘n Endjie verder ry ons weer teen die bultjie uit om te verken en kon toe uitmaak dat dit ‘n kommando was. Hulle gewaar ons teen die bult en een, twee, drie was ‘n stuk of dertig ruiters in die saal en storm op ons af. Ons wis op daardie oomblik nie of ons moes vlug of staan nie, want dit was baie moeilik om die ruiters te herken deurdat die son pas opgekom het en reg van voor in ons oë skyn. Ek was elke oomblik gereed om by die geringste teken van onraad te laat spat, want ek kon op my perd staatmaak.

Toe hulle ongeveer tweehonderd tree van ons af was, skree een van hulle: “Moenie skiet nie!” Dit blyk toe dat hulle ons reeds herken het en ons sien ook dat hulle lede van ons artillerie is. Ons hoor toe dat ons kommando op die middag van die 16e Mei in die nabyheid van die dorp met die vyand slaags was en hulle teruggehou het tot na sononder. Die kring om die dorp was baie wyd getrek en niemand kon juis sê waar die vyand sou probeer deurbreek nie. Op verskeie strategiese punte is toe klompies burgers gelaat om die vyand te keer indien hulle in die nag sou probeer om in te kom.

Die walaer moes ook beskerm word. Die vyand het vanaf ‘n paar plekke aanvalle geloods. Een troepe-afdeling het met die Moloporivier reg op ons laer afgekom. Die walle

van die rivier het goeie beskutting gebied sodat die Kakies se leemetfordkoeëls dit vir die kêrels in die laer so warm gemaak het dat hulle in allerhaas moes inspan en vlug. Met die artilleriste het dieselfde gebeur. Daarom staan hulle toe die nag toe ons terugkom, vir ons op so'n verkeerde plek.

Nadat hulle ons met beskuit en lekker warm koffie gelaaf het, is ons verder óm die dorp langs om na genl. Snyman se laer te soek. Die burgers was hard besig om die laer op te breek en in te span toe ons daar kom. Ons kon toe hand bysit om die Engelse te verhinder om die laer te oorrompel.

Die laers is toe verder terug tot by Malmanie. Daar het ons 'n boodskap van pres. Kruger ontvang waarin hy ons aanmoedig en 'n beroep op die burgers doen om tog nie mismoedig te word nie en ons land teen die invaller tot die bittere einde toe te verdedig.

Hier het ons 'n paar dae versuim. Intussen het my maat Frans du Toit, wat geen groot gretigheid getoon het om te veg nie, te perd weggeloop huis toe en sy wa en osse met drywer en leier en al agtergelaat. Aan my het hy niks gesê nie.

Later het ek van 'n paar burgers wat toe pas van hul huise teruggekeer het waar hulle met verlof was, verneem dat hulle by Frans se huis aan was. Hulle het onder die indruk verkeer dat hy ook met verlof was vir 'n paar dae. Om hulle nie te laat lontruik nie, kom hy toe saam met hulle, maar maak langs die pad by 'n winkel die verskoning dat hy net gou iets binne moes gaan koop. Hulle ry maar

houtgerus aan en kom later agter dat ons vriend weer spoorloos verdwyn het!

Daardie middag het ek in die rivier gaan riete sny om in ons tent se vloer oop te sprei en moes kniediep in die water staan om dit by te kom. Van daardie aand af het ek al om die ander dag weer kouekoors van hernude malaria-aanvalle.

Die vyandelike magte het intussen só geweldig in getalsterkte toegeneem dat dit vir ons kommando's onmoontlik geword het om doeltreffend weerstand te bied. Die vyand druk ons vinnig in die rigting van Johannesburg en Pretoria terug. Ons kommando's moes toe in allerhaas deurdruk na Frederik-stasie in die Potchefstroomse distrik, sodat die perdekommando vandaar per trein na Kliprivier vervoer kon word. Die meerderheid van ons het nou eers begin besef watter reusagtige taak dit vir ons handjjevol burgers sou wees om ons Republieke teen die verwoede aanvalle van so 'n verbete en getalsterke vyand te beskerm.Maar ons het die toekoms vol moed en selfvertroue aangedurf.

VERRAAI EN ONTWAPEN (7)

Ons veldkornet, Johannes Eloff, wou nie die wa van Frans du Toit laat huis toe gaan nie want ons het hom baie nodig gehad om die voetgangers mee te vervoer.

Die môre toe die kommando per trein vertrek, lê ek weer plat met ‘n hewige kouekoors. By die walaer wou ek nie graag agterbly nie, maar my Veldkornet het dit raadsaam geag om my nie saam met die perdekommando te stuur nie. Hy het my verseker dat die walaer al met die spoor langs na Johannesburg sou trek, sodat ek dan weer die kans sou hê om by die perdekommando aan te sluit. Daarop het ek maar ingewillig om agter te bly - ook maar gelukkig vir my, want later het my maats wat daarby was my vertel dat dit die kragte van ‘n gesonder man geverg het om al die ontberings op pad vanaf Kliprivier na Pretoria te deurstaan. Sommige voetgangers moes naderhand van vermoeidheid hul kos en komberse agterlaat en kon uiteindelik selfs sonder hierdie las skaars meer van uitputting voortstrompel.

Toe ons walaer op Bloubank kom, wat vandag Magaliesburgstasie genoem word, roep die laerkommandant die burgers bymekaar en beveel dat hulle moes sorg dat elke wa so gou moontlik na sy bestemming geneem word. Ek het gelukkig van ‘n vriend ‘n bietjie medisyne teen die malaria gekry wat baie doeltreffend was en voel toe al weer taamlik fluks. Ek besluit toe om maat Frans du Toit se wa te gaan aflewer en sommer uit te vind hoe die wind daar waai. Ek vind hom tuis, maar in plaas van enige dankbaarheid dat hy weer sy eiendom onbeskadig terugontvang het, tref ek hom so boos aan vir die Veldkornet, omdat dié sy wa en osse so lank gebruik

het, dat hy dreig om hom dood te skiet waar hulle mekaar weer ontmoet! Hy wou weet wanneer ek weer van plan is om na die kommando te gaan. Ek sê toe dat ek Maandagmôre vroeg weer wil vertrek. Dit was toe reeds Saterdagaand.

Maar Frans het ook ‘n ander vriend gehad, oom Stoffel Wolhuter, ‘n winkelier, wat tot so ver nog geen duim verroer het om die saak van die Boere te ondersteun nie. Sy twee karperde het hy by Frans kom wegsteek omdat hy bang was dat ons hulle sou kommandeer.

Daardie Saterdagnag het ek in Frans se huis geslaap. Vroeg die Sondagmôre kom Stoffel ook daar aangestap met - vir hom - die blye tyding dat Johannesburg en Pretoria deur die Engelse ingeneem is. Hy haal ‘n bottel drank uit die sak en sê: “Nou gaan ons twee snapse drink vir lord Roberts en ook twee vir Queen Victoria! Die Boere is te vrot om ‘n land te regeer. Van nou af sal ons geld in oorvloed hê.

Verbaas sit ek die twee en aanstaar. Kan hierdie nou werklik die waarheid wees? Kan nasate van stoere ou Voortrekkerhelde wat hierdie land met hul bloed gekoop het nou werklik só vals en ontrou aan eie volksaard wees dat hulle ‘n vreemde veroweraar met ope arms te verwelkom? Hierdie en ander vrae het aanhoudend deur my kop gemaal, terwyl ek hoogs ontuis in hierdie verraderlike geselskap begin voel het.

Dieselfde Sondag kom daar klompies-klompies burgers met die grootpad verby. Dit was die pad van Rustenburg na Zeerust en het nie ver van Frans se huis af verbygegaan

nie. Ek loop hulle toe voor om te hoor waar die kommando's is en waar hulle heengaan.

"Die kommando's het ons in die berge naby Pretoria agtergelaat. Die offisiere kom nie verder as krygsraad hou nie en ons vrek van die honger! Ons kom haal kos."

Gedurende die hele dag het daar kort-kort groepies ruiters verbygegaan. Ek het hulle gereeld gaan ondervra en ook deurgaans dieselfde antwoord ontvang. Ek besluit toe maar om eers 'n paar dae hier te vertoef om te sien wat gaan gebeur.

My ouers woon twintig kilometer verder aan die grootpad na Zeerust en ek besluit om dan maar eers daarheen te gaan. Ek hou kajuitraad met myself en besluit om my geweer by Frans agter te laat, want ek was bang dat ek op pad Engelse kon raakloop en gevang en weggestuur kon word indien ek gewapen was. Ek het besef dat ek my geweer kon kwytraak deur dit agter te laat, maar ek het gehoop om weer een buit te maak wanneer die geleentheid hom sou voordoen.

Die heer Frans is vroeg die volgende oggend na oom Stoffel toe, wat vorentoe te Swartruggens aan die grootpad gewoon het, waar ek ook moes verbygaan. 'n Rukkie nadat hy weg is, het ek ook in die pad geval. Oom Stoffel se huis was naby die rivier geleë. Die pad het hier deur 'n drif met hoë walle aan weerskante gegaan. Toe ek in die drif kom, gewaar ek dat aan elke kant van die pad agter die walle 'n paar Kakies my staan en inwag. Ek hou my doodluiters om voor te gee dat hul teenwoordigheid my nie hinder nie.

Ek ontdek toe verder dat 'n klompie Kakies met hul perde agter die beskutting van oom Stoffel se winkel en woonhuis weggekruip het. In 'n ommesientjie was ek omring deur die Engelse, vergesel deur my vriend Frans du Toit en oom Stoffel Wolhuter. "Watter vriendelike ontvangs!" het ek gedink, want blykbaar was ek hier die belangrkste persoon onder die groepie en my twee "vriende" het groot gretigheid aan die dag gelê om my aan die Engelse offisier voor te stel as dié Botha oor wie hulle so ewe met hom gepraat het.Baie gou het die offisier my vertel dat hy my perd vir sy troepe nodig het. Ek is gedwing om van hom afstand te doen en was nou 'n voetganger.

"Waar is jou geweer?" vra die offisier.

"By meneer Du Toit," antwoord ek. "Moet ek hom gaan haal?"

"Nee, ons sal hom laat haal," was die antwoord.

Vriend Frans was nou al te gewillig om my geweer by sy huis vir die Engelse te gaan haal.

Intussen kom daar nog steeds groepies burgers aan wat wapen aflê, maar hulle behou almal hul perde. Dit was dus duidelik dat ek spesiale behandeling ontvang, ongetwyfeld weens my "vriendskap" met die heer Frans du Toit.

Kort daarna kom hy toe ook met my geweer daar aan, vergesel van sy vrou wat die begeerte nie kon weerstaan om saam te kom en hul mense te kom ontmoet na wie se koms hulle so lank uitgesien het nie.

Sodra sy my sien, sê sy: "En hoe lyk dit nou? Jy wou mos Engelse skiet! Kan jy nou nog Engelse skiet?"

Watter gevoel daar op hierdie oomblik in my binneste ontbrand het is moeilik om in woorde uit te druk. Op my versoek het die offisier my toegelaat om na my ouers se plaas te gaan. Hy het my 'n pas gegee en beveel om binne die grense van die plaas te bly, anders sou ek gevang word.

Toe ek te voet oorkant die drif uitkom en al met die grootpad deur die dorpie aanstryk, kom Abraham Cloete, die onderwyser wat te Mafeking gesê het hoe dapper hy sy vaderland sou verdedig, by my verby. Toe hy my sien, steek hy vas en skree met 'n stem waarin leedvermaak duidelik te bespeur was: "Hensop!"

Wat ek aan hom teruggeskree het, sal ek liewer verswyg. Hy was dus ook al tuis en baie in sy skik daaroor.

Tydens oom Stoffel se kuiertjie by Frans die Sondagmôre, het hy aan hom vertel dat die Engelse al van Saterdag af by hom is, 'n feit wat hulle vir my weggesteek het, sodat hulle verraderlike planne met my, kon slaag. Daarom is hy die Maandagmôre so vroeg voor my uit om sy sakies te gaan reël.

Tydens die verwarring onder die burgers op Pretoria het daar ook veldkornette met klompies van hul manskappe huiswaarts gekeer, onder andere ook veldkornette R J van Tonder en Johannes Eloff. Hulle het berig ontvang dat die kommando's wat in die rigting van Machadodorp gedryf is aan die terugkom was. Laasgenoemde Veldkornet het 'n klompie van sy burgers in die geheim bymekaar geroep en

'n dag vasgestel waarop hulle weer na die kommando's sou terugkeer. Dog voordat hulle hul planne kon verwesenlik is hulle deur iemand verraai en het die vyand vir Eloff en 'n paar van sy manne gevang. Hulle sou dus vir die verdere duur van die oorlog nie weer die voorreg geniet om op vaderlandse bodem te trap nie. Dit was nou ongeveer Juniemaand 1900.

'n Week nadat ek te voet by ons huis aangekom het, was ek gelukkig genoeg om weer vir my 'n perd te koop, want die ondervinding het my toe al reeds geleer dat 'n voetganger vir ons in hierdie beweeglike stryd nie veel beteken het nie en dikwels allerhande ellendige ontberings moes deurmaak.

Die vyand het te Groot Marico en Swartruggens reeds kampe gehad en was derhalwe in staat om hierdie wyke goed te patrolleer. Hulle was bewus van die feit dat die Boere al weer besig was om nuwe militêre verset te organiseer en kommando's te vorm. Daarom het hulle hul bes gedoen om die perde wat nog op die plase was in die hande te kry. Ek was maar pas 'n week lank die trotse besitter van my tweede perd toe 'n Engelse patrollie hom op die plaas uitsnuffel en ook annekseer. Ek was egter vasberade om my nie deur hierdie teëspoed en verlies van stryk te laat bring nie en het gereed gemaak om by die eerste geskikte geleentheid weer na die kommando's te ontsnap.

TERUG NA KOMMANDO (8)

Dit was op ‘n Saterdag toe die Engelse my tweede perd gekommandeer het en ek weer voetganger geword het. Daardie Sondag lê ek weer plat van die malaria se kouekoors. Omstreeks twaalfuur dieselfde nag maak iemand my wakker en vertel dat veldkornet Van Tonder die volgende dag op Teerputsfontein, twintig kilometer daarvandaan, op ons sou wag. Haastig maak ons toe gereed want buiten my vader, was daar ook nog vyf ander burgers op die plaas.

In dieselfde rigting waarin ons dié nag moes stap, het ‘n groot Kakielaer gestaan, sodat ons langs ‘n taamlike omweg moes gaan.Die saal wat ek intussen weer in die hande gekry het, dra ek op my rug. Ons moes baie versigtig in die donker aansukkel want jy weet nooit hoe ver Kakie sy wagte geplaas het nie. Jy durf jou voete nie te hard teen die vaal grond laat neerkom nie. Graspolle en kaal kolle lyk net eenders.

Meteens struikel ek oor ‘n groot miershoop en kom anderkant op hande en voete te lande, onderwyl die gerinkel van die stiebeuels ver in die stil naglug hoorbaar is. Benoud wag ons ‘n paar oomblikke in ademlose spanning, dog daar gebeur niks nie. Dis nog veilig en ons sit ons nagtelike tog voort.

Ons bereik ons bestemming die volgende dag en vertrek die middag saam met ‘n klein perdekommando in die rigting van Olifantsnek in die Magaliesberge. Nie ver vanwaar ons die Veldkornet ontmoet het nie, vang ons ‘n paar Kakies wat besig was om perde van die burgers op die plase te kommandeer.

By Olifantsnek aangekom, moes die voetgangers almal oor die nek met ‘n paar waens saamgaan. Ek en my pa vra toe aan die Veldkornet om met hóm saam te gaan. Ons klim toe op ‘n muiltrollie wat die benodighede van die honderd man vervoer het.

Van die nek af trek ons in die rigting van Moedwil. In Rustenburg was ‘n klompie Australiërs wat, soos die mense ons later vertel het elkeen vyf sjielings (vyftig sent) wou betaal om ‘n “fight” met die Boere te hê, want hulle was onder die indruk dat die oorlog verby was. Ons trekkende kommando’tjie is dié dag deur hulle wag raakgesien. Haastig word toe ongeveer vierhonderd troepe uit Rustenburg gestuur om die klompie Boere te kom kafloop. Sommer daardie selfde nag al het ons brandwagte hulle by Rooipoeierspruit terug geskiet. Ons kommando’tjie het ‘n endjie van die grootpad af geslaap en toe dit begin lig word, het ons posisie ingeneem. Die vyand het die huise en rivierwalle as beskutting gehad, maar die burgers het hulle terdeë bestook.

Die vyand se perde wat vir krygsdiens nog totaal ongeoefen was, het die loop geneem en sommer verwilderd deur die bosse gestorm. Toe ek dit sien, het ek so vinnig as wat my bene my kon dra daarheen gehardloop om een in die hande te probeer kry. Uiteindelik kon ek daarin slaag om ‘n perd tussen die haak-en-steek vas te keer en na ‘n paar oomblikke sit ek toe in die saal.

Ek sien ‘n ander ruiter tussen die bome aangery kom. Toe hy naby kom, sien ek dit is Hennie Riekert wat ook so pas ‘n Engelse perd in die hande gekry het. Daarna ry ons saam deur die bome waar ook nog van die ander burgers

besig was om perde te vang. Ons gaan oor ‘n rantjie en gewaar ‘n stuk of sewentig perde van die vyand, wat in ‘n bondel teen ‘n doringdraad gestuit het. So ‘n ryk buit was amper te goed om waar te wees! Ons keer hulle versigtig aan en vorder stadig in die rigting van ons eie perde agter die koppie. ‘n Endjie verder kom ons ‘n paar van die ander burgers teë. Ongelukkig probeer hulle toe om van die perde te vang. Die verbouereerde diere maal onrustig in die rondte en meteens begin die hele trop in volle vaart op loop sit. Ons jaag agterna om hulle weer terug te keer, maar dit was alles tevergeefs. Vér op die bulte kon jy naderhand nog net die rooi stowwe sien opslaan soos hulle vlug.

Dit was ‘n ryk buit wat in ‘n groot verlies omskep is. Maar nietemin het ons darem byna al die vyand se perde wat een-een die bosse ingehol het, in die hande gekry.

Laat die middag toe die Marico-kommando vanuit ‘n ander rigting opdaag, kon ons alreeds ‘n groot aantal burgers aan perde help. Ook ek en my pa het van hierdie dag af goeie perde gehad.

Ons het die dag hier by Rooipoeierspruit twee man verloor.

‘n Sekere ou oom Snyman wat deur ons ander gewoonlik “Ou Wolf” genoem is, kom dié middag op ‘n Australiër af wat onmiddellik sy perd die spore gee en voet in die wind slaan. Ou Wolf se groot hoed en sy lang bos baard het hom seker nie aangestaan nie! Ou Wolf sit die Kakie agterna en haal hom stadig maar seker in. Toe hy naby kom, skree hy vir die Australiër: “Hensop!” Sy slagoffer kyk terug en verneem benoud: “Do you want to kill me?”

Ou Wolf verstaan of die Kakie wil weet of hy moet oorgee en skree: “Yes!” Dit was seker die enigste Engelse woord wat hy geken het. Dan haal sy arme slagoffer alles wat hy kan uit sy perd, onder die indruk dat sy lewe op die spel is, want as hy so na agter toe loer, sien hy ‘n vreesaanjaende gevaarte stadig maar seker naderkom. Ou Wolf se grootranthoed is laag oor sy oë getrek en die wind kloof sy welige baard in twee wegstaande horings oor sy skouers. Naderhand skree hy in Tswana vir sy slagoffer: “Gooi weg jou geweer!” Die arme Engelsman begryp daar natuurlik niks van nie en vertolk die vreeslike geskree as nog ‘n verskriklike doodsdreigement.

Ou Wolf se perd was egter beter as die Engelsman s’n en uiteindelik het hy hom. Hierdie Australiër het daarna vertel dat hy gedink het dat al die Boere so vreesaanjaend en genadeloos lyk en dat hy bae verbaas was om daarna in aanraking te kom met ‘n klompie penkoppe wat geensins onmensliker gelyk het as lede van sy eie nasie nie.

DIE ENGELSE VLUG NA MAFEKING (9)

Hiervandaan is ons verder na Swartruggens. Op die terrein waar die NG-kerk later gebou is, het ons ‘n Engelse kamp aangetref. Teen hierdie tyd het ons al weer vir enige vyand kans gesien, want ons getal weerbare manne is aansienlik versterk deur die Maricokommando. Veldkornet Van Heerden, ook uit die distrik Rustenburg, se klompie burgers was ook weer bymekaar. Ons het van hulle ook ‘n klompie perde gekry.Nieteenstaande die feit dat die Engelse toe al so baie van ons perde gekommandeer het, kon ons onsself nou darem weer oor die bult help, want van nou af aan het voetgangers in ons stryd nie meer veel beteken nie, omdat ons noodgedwonge net van vlieënde kommando’s gebruik kon maak.

Vroeg daardie môre moes Kakie sy oë eers goed uitvryf om te sien waarvandaan die koeëltjies kom wat so geniepsig tussen hulle rondklap, want ons was reeds rondom die kamp. Ons het ons grofgeskut by drie strategies goed geleë plekke geplaas. By elke standplaas het ‘n snelvuurkanon en ‘n bommeksim na hartelus hulle werk gedoen, sodat die meeste van hul trekdiere en perde wat in die kamp was, na die eerste dag se bombardement doodgeskiet is. Die Engelse self het baie vinnig veiligheid gesoek in die loopgrawe wat hulle vir skuiling gegrawe het.

Van Zeerust af kom toe ‘n Engelse troepemag onder leiding van generaal Carrington. Ons het hulle verwag en was derhalwe voorbereid op hulle koms. Ek en ‘n paar van my maats was op brandwag uit toe ons hulle in die oog kry. Ons stuur toe dadelik ‘n rapport terug kommando toe. Dit was nog vroeg in die môre en ons het

verwag dat ons kommando enige oomblik sou opdaag om die Engelse te kom kafdraf. Ons kon nie begryp waarom hulle so talm nie, want dit word naderhand twaalfuur en nog is daar niks van die kommando te bespeur nie.

Ons brandwag was verplig om maar al langs die Engelse te beweeg. Hulle was toe al taamlik naby Swartruggens. Die hoofmag van die vyand jaag toe die dorpie in na ‘n plek wat ons die Rooikraal genoem het. Hier was hulle vir ons burgers pragtig onder skoot en dit was duidelik dat hulle dit nie lank daar sou uithou nie.

Ons brandwag is kort tevore by ‘n ou kraal verby, met vervalle mure waartussen enkele kareebome opgeskiet het. Tussen ons en die Engelse was daar ‘n kaal vlakte. ‘n Honderdtal van hulle - na skatting - het in ons rigting gepyl, maar die hoofmag was nog doelbewus op pad na Swartruggens en was alreeds ‘n end by ons brandwag verby. Derhalwe moes ons maar al langs hulle aanstryk om nie in die hande van die vyand agter ons te val nie.

Toe die voorste punt van die Engelse se hoofmag die dorpie ingaan en reguit na die Rooikraal toe mik, het dit reg in die smaak van die burgers geval. Ons brandwag kom toe juis by ‘n klein koppie uit waarvandaan ons die skouspel staan en gadeslaan. Meteens gewaar ons ‘n ruiter wat vinnig die koppie uitgery kom na ons toe. Dit was generaal De la Rey. Toe hy stilhou vra hy: “Waar is die Engelse?”

Lewies van Tonder wys vir hom die Engelse, wat toe juis net begin het om vanaf die Rooikraal op die vlug te slaan. ‘n Paar van die manne staan digby die Generaal. Skielik

begin hy sonder enige waarskuwing die kêrels onder die sambok steek en skree: "Skiet die Engelse!"

Die afstand tussen ons en die vyand, wat nog nie eers regoor ons was nie, was egter veels te groot vir 'n skietery. Ons was verplig om hulle skuins van voor te bestorm totdat hulle onder skoot kom. Ons was nog aan die skiet toe kom die Generaal weer op ons af met sy sambok. Koos Swanepoel het nog nie van hierdie gewoonte van die Generaal geweet nie, met die gevolg dat hy te stadig was om genoeg ruimte tussen hom en die sambok te maak. Onderwyl ons ander ysterklou in die grond slaan, hoor ons agter ons hoe arme Koos plegtig aan die Generaal belowe om die Engelse te skiet, onderwyl die sambok dreigend deur die lug swaai!

Ons jaag nou na die ou kraal waar ons 'n rukkie vantevore langs getrek het en waar ons reken dat die honderd Engelse moes wees, om hulle daar te gaan uitboender, alhoewel ons maar vyf man was. Ek en Lewies jaag voor. Skielik kom Theuns Diederiks by ons verby en skree: "Moenie wankel nie!" Ons kyk na mekaar en lag. Sou dit nou die sambok wees wat hom die vrees vir die vyand ontneem het? Sy skielike onverskrokkenheid was ietwat ongewoon.

Ons kom by die ou kraal aangejaag voor die Engelse hom bereik en ons skiet hulle terug. Daarop steek hulle vas en gooi 'n pompombom vlak voor die kraal. Ek sê toe: "Hierdie is maar 'n pylskoot; die ander gaan nou kom!"

Meteens kletter die bomme teen die muur en in die bome bokant ons koppe. Theuns Diederiks lê nou plat op die grond en weier om sy kop op te lig om te sien of die

Engelse kom. Die bomme hou nie op nie. As ek uitkyk om te sien of die vyand storm, waarsku hy my angstig om nie so onversigtig te wees nie. Ek en Lewies kyk na mekaar en lag. Dit was nou weer my beurt om hom te beduie om nie te wankel nie.

Toe daag die burgers op wat op die hakke van die vlugtende Engelse vanaf die Rooikraal was. Die klompie Engelse wat besig was om ons vyf stuks hier in die ou kraal te bombardeer, slaan toe ook op die vlug. Ons kon toe weer by ons kommando aansluit. Ons het die vyand tot op Groot Marico agtervolg waar ons oornag het. Daarvandaan het generaal Lemmer met 'n klompie burgers nog altyd op hulle hakke gebly tot naby Zeerust.

Onderwyl ons die nag op Groot Marico slaap, is ek en 'n paar maters op brandwag geplaas op die grootpad waarlangs die Engelse gevlug het. Skielik hoor ons voetstappe nader en roep die onbekendes tot halt. Ons kom toe agter dat dit Engelse voetgangers was wat nie met die vinnige vlug kon byhou nie en nou'n desperate poging aanwend om weer hul berede makkers te bereik. Dit was baie donker en die bome was ruig, met die gevolg dat hulle eers op kort afstand van ons bewus word en onmiddellik die hasepad kies met die geknal van 'n paar mauserkoeëls in die ore.

Toe ons verder ondersoek instel, gewaar ons 'n ruiterlose perd wat doodstil in die pad staan. Daarna kom ons op die ruiter af wat langs die perd plat op die grond lê en koes teen moontlike koeëls wat hom kon tref! Matthys Potgieter, een van ons manne wat dié dag nie lus was vir die jaery agter die Engelse aan nie en toe regoor sy eie huis omgedraai het om te gaan kuier, is deur die vlugtende

Engelse daar raakgeloop en meegevoer. Hy was gelukkig om weer by ons uit te kom.

Hierdie vinnige aftog wat die Engelse geblaas het, was vir hulle beslis nie ‘n plesiertog nie. Hulle het nog daardie selfde nag hulle kamp te Marico opgebreek en weer voet in die wind geslaan na Zeerust en die volgende oggend daarvandaan die hasepad gekies na Mafeking. In hul oorhaastigheid om weg te kom, het hulle al die opgekommandeerde perde van die burgers in ‘n kamp agtergelaat. Gelukkig het generaal Lemmer, wat die vyand agterna gesit het, dit ontdek en die perde weer aan die regmatige eienaars terugbesorg.

Van Marico af het ons toe weer na die kamp te Swartruggens teruggetrek. Ek kan my nie herinner dat daar onder ons eie geledere enige ongevalle was nie. Slegs een sekere kêrel, Jacobus Diederiks, wat dië dag per ongeluk op kommando was, het ‘n vleiswond opgedoen.

Aan die begin van ons harde stryd het dit dikwels gebeur dat enkele grootpraters hulleself op veilige veld die grootste helde waan, maar as jy na hulle in die heetste van ‘n kwaai geveg sou soek, het hulle spoorloos verdwyn. Na die gevaar verby is, kom hulle uit hul skuilplekke tevoorskyn om al agter die burgers aan alles te skraap wat buitbaar was.

Koos Diederiks en ‘n paar van sy mede vrybuiters het gewag tot ons die Engelse op volle vaart dryf en toe agterna gekom toe alles veilig gelyk het. Nie ver van die dorpie af nie het ‘n stuk of vier Engelse voetgangers, wat in die haas nie kon byhou nie, in ‘n brakslootje agtergebly. Toe Koos hulle naby kom, steek die Kakies hulle onder

die lood. Hulle spring om en jaag weg Koos se perd kry ‘n koeël en slaan neer. Hy spring op en begin te nael vir al wat hy werd was. Juis toe kom een van ons ander burgers, Jan Venter, wat nie dadelik ‘n perd in die hande kon kry toe die Engelse begin vlug het nie, daar verby en die paar Engelse voetgangers val hom aan. Hy spring van sy perd af en begin om só vinnig te vuur dat dit vir die Tommies byna onmoontlik word om hul koppe bokant die sloot uit te steek. “Hensop!” skree Venter, waarop al vier se hande bokant die wal verskyn. Hy ry na die sloot en ontwapen hulle. Daar was heeltemal te veel Koos Diederikse in ons geledere, maar gelukkig het die Jan Venters daarvoor vergoed.

Twee dae later het generaal Lemmer met sy kommando op die werf van my vader se plaas afgesaal. Hy het nog ‘n aantal van die perde wat hy uit die Engelse kampe teruggebuit het by die kommando gehad. My vyftienjarige broertjie, R F Botha, wat nog tuis was, herken my twee perde wat die Engelse van my afgeneem het en vra toe die Generaal of hy die perde aan my sal teruggee.

“Waar is jou broer?” kom die vraag.

“Generaal, hy veg,” antwoord hy. “Nou goed,” sê die Generaal, “neem hulle dan altwee.”

‘n Paar dae nadat ons weer by die kamp terug was, was ek besig om vleis te braai toe ek skielik perdehoewe hoor klap en omkyk. Tot my verbasing sien ek my broertjie met my twee verlore perde daar aangery kom. Ek besit toe drie goeie perde. Hy vertel my toe dat hy ook baie graag teen die Engelse wil veg en omdat ek hom reeds al oud genoeg

beskou het vir kommandodiens, het ek hom een van die perde gegee.

Hy was dikwels daarna tydens ‘n stormjaery heel op die voorpunt van die ruiters, omdat sy goeie perd se vaart nie belemmer is deur ‘n swaar vrag op die rug nie en omdat ons in die geledere van baie van die jong penkoppe ‘n oormoed aangetref het wat van sommige van hulle die mees onverskrokke dapperes in Boeregeledere gemaak het.

DIE BEGIN VAN ONS VLIEËNDE KOMMANDO'S (10)

Frans du Toit was toe ook noodgedwonge verplig om saam met sy Engelse vriende in die kamp, in die skuilings vir die Boere se koeëls weg te kruip. Sy huis was maar ongeveer vyf kilometer van die kamp af geleë en ek het gewens ek kon hom - en veral sy vrou - weer ontmoet om haar my perde en geweer te wys waarmee ek nou weer lustig teen hulle vriende veg. Ongelukkig kon ek nie die geleentheid kry nie deurdat ek skielik saam met veldkornet Van Tonder in die middel van die nag die kamp moes verlaat om hulp te gaan verleen aan president Steyn en generaal De Wet, wat deur ‘n vyandelike oormag gedwing is om noordwaarts te vlug.

Ons klompie onder veldkornet Van Tonder het die President en generaal De Wet by Olifantsnek ontmoet. Daarna is ons oor die nek in die rigting van Magaliesburg, totdat ons kontak met die Vrystaatse agterhoede op Middelfontein gemaak het. Met die hulp van ander versterkende kommando’tjies het ons die vyand daar in so ‘n mate vertraag, dat die President en die Generaal ‘n taamlike voorsprong kon behaal. Daarna is ons voor die vyand uit en kom toe weer oor die nek terug, deur Rustenburg wat op hierdie tydstip weer deur die vyand ontruim was. Die volgende môre neem ons op Magatosnek posisie in om die Engelse wat van Koster se kant af kom, daar in te wag. Ons hou hulle daar die heeldag teë totdat die son haas wou ondergaan en kon toe nie langer daar vertoef nie weens die gevaar van omvleueling deur die vyand wat deur Olifantnek kom met

die doel om die Vrystaatse kommando na Waterberg te agtervolg.

Dié nag trek ons uit die pad van die vyand uit, al langs die Krokodilrivier af in die rigting van Beestekraal, waar ons die volgende dag aankom. Na ‘n driedaagse rus, trek ons weer tot op Boshoek terug.

Hier het ons daardie aand ‘n baie prettige voorval beleef. By die burgers van veldkornet Van Heerden was ‘n kêrel wat baie lekker kon lag; hy kon vir die geringste aanleiding daartoe hom skoon kapot lag. Die ander manne het dikwels hierdie eienskap van hom misbruik.

Toevallig was daar dié aand ‘n klompie burgers van ‘n ander veldkornetskap wat met ons saamgetrek het wat, toe hulle van ons man hoor, beweer dat hulle een het wat nog lekkerder kon lag. Dadelik besluit ons om hul onderskeie lagvermoëns te toets. Ons bring ons kêrel en laat hom in die middel van die kring sit. Hulle bring hul man en laat hom teenoor ons s’n plaasneem.

Die twee “slagoffers” was effens uit die veld geslaan en wou weet wat aan die gang is, maar niemand sê iets nie. Hulle bekyk mekaar so onderlangs en een van die twee gee so ‘n senuweeagtige giggellaggie. Daarop was die gort gaar en dit was naderhand net een skaterende kommando. Die twee kruip heen en weer by mekaar op hande en voete verby en loer kort-kort so skuinsweg na mekaar, om dan weer opnuut in ‘n onbedaarlike lagbui los te bars. Jy kon dit eenvoudig nie hou nie. Al wat leef hou die mae vas en sommige kêrels rol magteloos in die gras rond. Dit was eenvoudig te snaaks om twee persone so skynbaar sonder oorsaak vir mekaar te sien lag. Hulle

soebat ons naderhand smekend om die skouspel te staak, want hulle was só kapot dat hulle eenvoudig nie meer langer kon aanhou nie. As die vyand daardie aand onverwags op hierdie toneel afgekom het, sou hulle seker heerlik saamgelag het!

Intussen het ‘n gedeelte van die vyandelike magte wat die Vrystaatse kommando agtervolg het, te Swartruggens aangekom en die beleerde Engelse kamp daar ontset. Tooitjie (Frans du Toit), wat soos ek genoem het, ook daar teenwoordig was, het dit toe veiliger geag om vir die duur van die oorlog homself, sy vrou en kinders en al sy besittings onder die sorg van koningin Victoria en lord Roberts te stel. Hy het nou pal in die Engelse kamp gebly en het later aangebied om vir die vyand rapportryer te word. Dit gebeur toe dat ‘n paar Boereverkenners op ‘n sekere dag vanaf ‘n rantjie naby die pad van Koster na Swartruggens, vir Frans op ‘n trapfiets sien ry. Hulle het nie geweet wie dit was nie maar hulle kon aan sy kleredrag uitmaak dat dit ‘n vyandelike persoon moes wees. Hulle steek hom toe onder die lood totdat hy in volle vaart uit die gesig verdwyn het. Hy het glo die jaagtog volgehou totdat hy veilig binne die kamp was en hom toe deur die dokter laat ondersoek om vas te stel of hy nie moontlik gewond was nie, volgens ‘n burger wat as krygsgevangene in die kamp teenwoordig was.

Eers ‘n jaar of twee na die vrede het ek hom weer ontmoet. Miskien was dit vir ons altwee maar beter dat die ontmoeting nie eerder plaasgevind het nie, want teen hierdie tyd het die gemoedere nie meer so hoog geloop nie en kon ons reeds ons eie volksverraaiers met minder skryn in die binneste aansien.

Die mense wat in sy omgewing gewoon het, het hom na die oorlog skeef aangekyk, sodat hy nie meer daar tuis gevoel het nie. Daarna het hy sy plaas verkoop en ‘n stukkie goewermentsgrond in die bosveld gaan bewoon. Later was hy en oom Stoffel Wolhuter weer op Swartruggens bymekaar, waar hulle toe altwee van ouderdomspensioen moes lewe.

Dit was nou omstreeks Desember 1900. Op hierdie tydstip het die offisiere van ons magte van die Kommandant-Generaal bevele ontvang om nie meer sulke groot kommando’s bymekaar te hou nie. Die oorlog het nou sy guerrilla-stadium bereik en hiervandaan sou ons net “vlieënde kommando’tjies” gebruik, wat weens die beperkte ledetal daarvan, vlug oor die veld kon beweeg. Elke veldkornet moes na sy eie wyk teruggaan om die rondtrekkende Engelse afdelings, sodra hulle sy wyk nader, aan te val en sodoende hulle te verhinder om ‘n permanente kamp op te slaan, want vanuit hierdie kampe het hulle gewoonlik hul patrollies gestuur om die wyke te plunder. Dit moes ten alle koste verhoed word. Die vyand het toe gou geleer dat dit nie raadsaam was om te vêr van die hoofkamp af te dwaal nie.

Vanaf Rustenburg na Zeerust het twee hoofpaaie geloop: Die een het oor Magatosnek, Swartruggens en Groot Marico gegaan en die ander een oor Boshoek se nek na Brakkloof, Lindleyspoort en Riekertsdam, al langs die Klein Maricorivier na Zeerust toe.

Sodra ‘n Engelse troepemag met een van hierdie paaie langs trek, word die huisgesinne in daardie omgewing so gou moontlik in kennis gestel. Die wa word dan met die nodigste lewensmiddele volgelaai en daar word haastig uit

die pad van die vyand gevlug totdat die veld weer veilig is. Alhoewel daar dan nie meer ‘n vark of ‘n hoender op die werf aangetref sal word nie, het die gesin tog nog hulle woning behou, sodat die vader of seun wat op kommando was, nog dikwels daar voedsel soos beskuit of ander nodige artikels kon gaan haal. Toe die Engelse egter agtergekom het dat die burgers in die veld op hierdie wyse van kos voorsien word, het hulle met hul brandstigting en konsentrasiekampe begin.

Later het elke korporaalskap ‘n kar met vier muile gehad om die burgers se kos te vervoer. ‘n Meul om ons graan te maal, het nie meer bestaan nie, maar indien ons genoeg mielies op die kar gehad het, was ons nie bekommerd nie, want by die eerste uitspanplek word die koffiemeuletjie gou aan die kar geskroef en nie lank daarna nie begin die pap te kook. So kon ons nog daagliks in ons nodigste voedselbehoefte voorsien.

DIE VROUELAER (11)

Die wyk van veldkornet Roelf van Tonder, waaraan ek ook behoort het, het in die Rustenburgse distrik aan die grens tussen die blankes en die swartes gelê. Rooftogte en diefstal het dikwels plaasgevind, veral gedurende die oorlogsjare. Ook het die swartes nie geskroom om te moor ten einde hul strooptogte te laat slaag nie.

Daarom het ons klompie onder Van Tonder bevele ontvang om in hierdie buurt te bly om die huisgesinne so veel as moontlik teen die swartes se aanvalle te beskerm. Alhoewel daar toe reeds ‘n groot getal vroue en kinders gevang en in die kampe gestop is, was daar darem nog oral families wat daarin geslaag het om die doodskampe vry te spring en nog op vrye voet te beweeg.

Wanneer ons ‘n naderende Engelse troepemag gewaar, trek ons hulle tegemoet en op elke plek waar ons ‘n strategies geskikte terrein raakloop, bestorm ons hulle en steek hulle onder die lood. Sodra hulle die Zeerustgrens bereik, pak daardie kommando’tjie hulle verder.

Dit het ook dikwels gebeur dat die swartes die vrouelaer aanval. Die vroue en jong kinders het gewoonlik met die koms van ‘n Engelse troepemag die onbewoonde boswêreld ingevlug en wanneer die Engelse verby is, weer huiswaarts gekeer. By sulke geleenthede moes ons kommando’tjie wakker loop om hulle te beskerm teen die swart gevaar.

Die hanskakies was deeglik bewus van die vroue se doen en late hier in die boswêreld en het die vyand op hoogte daarvan gehou en hulle aangeraai om ‘n afdeling troepe in

die bosveld agter die vroue aan te stuur indien hulle ‘n ryk buit wil maak. Dit gebeur toe ook dat ‘n aansienlike troepemag van Rustenburg af deur die Bosveld trek en op ‘n sekere aand hul kamp langs die Toelanierivier opslaan. Ons was bewus van die Tommies se bosveldtog en het daardie selfde aand die bosse gepatrolleer want die vrouelaer was juis aan die vlug en ons wou seker maak dat die vyand nie in hulle rigting sou trek nie.

Vroeg die volgende oggend nader ons die rivier. Die wêreld lê daar baie gelyk en is baie ruig begroei met allerlei soorte doringbosse, sodat dit onmoontlik is om enige vyand op ‘n afstand te gewaar. Ons mikpunt was na ‘n streep los rantjies en toe ons op een van die koppies uitry, gewaar ons die groot vyandelike mag wat reg in ons rigting luierig aangery kom.

Ons Veldkornet laat die burgers dadelik posisie inneem en stuur vyftien man, waarvan ek een was, om in die bosse agter die vyand om te jaag en hulle dan van agter te bestook. Soos ek reeds gesê het, kon jy wanneer jy tussen die bosse ry, slegs ‘n paar tree ver sien en ons moes dus skat waar die vyand se agterhoede hulle naastenby bevind het. Dit blyk toe dat hulle in twee afsonderlike groepe agter mekaar op ‘n klein afstand van mekaar verwyder, getrek het. Maar ons ontdek dit eers toe ons ons draai te kort maak en mooi netjies tussen hulle inry.

Voordat hulle ons kon gewaar, want dit was baie ruig, begin ons hulle van agteraf lood oplê en die burgers in die rantjies se mausers begn saampraat. Die aanval was vir die Kakies só onverwags dat hulle in algehele verwarring geraak het.

Sommige val van hul perde af en bly in die hoë gras lê. Die res slaan op vlug en moes toe lelik les opsê om onder ons koeëls uit te kom. Die groep aan ons agterkant roep halt en sit verslae en toekyk. Hulle kon nie begryp wat aan die gang was nie.

Onderwyl ons warm besig was met veg, het ‘n Engelsman vanuit die hoë gras onder ‘n doringboompie op my maat Hans Joubert begin vuur. Sy perd was ongeleerd en hy was gewoonlik nie in staat om sonder hulp op die perd te kom nie. Daarom het hy nie saam met ons ander afgespring nie en vorm nou ‘n gawe skyf vir die Kakie in die gras, terwyl hy sy bes moes doen om die senuweeagtige perd tot bedaring te bring en dus nie kon terugskiet nie.

“Genant,” skree hy aan my, “skiet tog daardie vervlakste Engelsman; hy peper elke keer net so ‘n raps by my kop verby!” Onderwyl hy praat, sny daar weer ‘n koeël rakelings oor sy hoed.

“Waar is die Engelsman?” vra ek.

“Daar onder die klein doringboompie; toe maak gou man!”

Sonder om iemand onder die boompie raak te sien, want die gras was hoog, jaag ek haastig ‘n paar koeëls links en regs onder die boompie in. Toe was alles doodstil.

Ons hoor perdepote klap en meteens kom een van die agterste Engelse op ‘n galop om ‘n bos reg op ons afgery. Toe hy op ons is, merk hy eers dat ons Boere is en roep:

“Oh, I made a mistake!” Hy steek toe maar getroos sy twee hande in die lug toe ons hom gevange neem.

Nadat die geveg verby was, het ons maar teruggegaan en nie veel moeite gedoen om vas te stel hoeveel van die vyand gesneuwel het nie. Maar my maat was nuuskierig om te weet wat van die Engelsman geword het wat hom amper sy lewe ontneem het. Hy gaan toe kyk en tref sy liggaam tussen die hoë gras onder die boompie aan. ‘n Ander burger, ‘n sekere Harmse, kom toe daar by en begin sy sakke te deursoek en haal onder andere ook ‘n paar sjielings daaruit. Ek sê toe vir Harmse om my een van die Engelsman se nuwe patroonbande af te haal, want myne was al baie sleg. Ek het nie daarvan gehou om aan ‘n gesneuwelde te raak nie. Ek het dit ook as ‘n vernedering beskou om iets meer van ‘n gewone Kakie te eis as sy perd, geweer en patrone. Gelukkig was dit gedurende die oorlog ook vir my nooit nodig nie, want ek kon darem die einde van die oorlog met my eie klere haal, wat ek in die grotte weggesteek het, alhoewel ek maar baie moes lap en heelmaak.

Dog as ‘n man se broek al baie sleg was, was dit seker vir hom geregverdig om ‘n voordelige ruil met ‘n gevangene te maak, want net die volgende dag het dié al weer ‘n splinternuwe uitrusting ontvang. Ons moes noodgedwonge maar ons krygsgevangenes laat loop en dit was soms al te prettig om ‘n Kakie in ‘n ou gelapte broek met ‘n gehawende grootrand hoed te sien wegstap. Gewoonlik het hy self ook daaroor gelag.

Hierdie nuwe patroonband is amper weer ‘n tweede keer van ‘n gesneuwelde se lyf afgehaal toe twee koeëls by die

slag van Rooiwal my getref het en die hele band met bloed bevlek het.

Daarna trek ons kommando'tjie toe gou-gou van die koppie af tussen die bome in. 'n Endjie verder gaan ons houtgerus lê en pypstop, terwyl die kêrels opgeruimd gesels en lag en grappe vertel. Na 'n rukkie begin die Engelse die koppie wat ons verlaat het, met hul kanonne bombardeer. Dit het 'n goeie drie uur aangehou, onderwyl ons maar 'n hanetreetjie daarvandaan veilig lê en skerts!

Daarna het die Engelse hul beplande strooptog op die vrouelaer afgelas en na Rustenburg teruggekeer. Hulle het nie weer gewaag om in daardie ruie boswêreld in te dring nie.

IN DIE RUSTENBURGSE BOSWÊRELD (12)

'n Paar dae later kry ons Veldkornet kennis om met sy manskappe in die rigting van Middelfontein terug te trek, waar 'n Engelse troepemag besig was om die omgewing te fynkam en alles wat eetbaar was, te vernietig.

Nadat ons daar aangekom het, ontmoet ons 'n ander klompie burgers by wie ons toe aansluit. Teen tienuur die môre nader ons die vyandelike kamp, maar besef gou dat ons posisie ongunstig was en trek derhalwe weer terug. Maar ons het dieselfde aand nog weer langs 'n omweg óm die vyand getrek, met die bedoeling om hulle vroeg die volgende oggend vanuit die teenoorgestelde rigting aan te val.

Ons neem toe ook die kamp sonder versuim onder vuur, maar die Engelse het uitstekende skuilplek in die rante om die kamp gehad, met die gevolg dat ons later maar die aanval moes staak omdat ons nie te veel manne onnodig wou opoffer nie.

Daarna is ons weer terug na ons eie wyk, waar ons verneem dat onderwyl ons weg was, die swartes weer 'n klompie beeste kom roof het en een van die burgers, Jan du Toit en sy seun, wat besig was om te ploeg, aangeval het. Tydens die skermutseling is die seun gewond, dog hy en sy pa het hulle dapper gedra en hul span osse behou, terwyl een van die rowers in die stof gebyt het.

Die wagte wat ons op die grens geplaas het om ons wyk teen aanvalle van die Bagatlas te beskerm, kon nie veel uitrig nie, omdat hulle te ver uit mekaar was en boonop

nog uit voetgangers bestaan het. Perde was toe maar baie skaars en dit het ons kommando's in die uitvoering van hul pligte baie gestrem. Ongelukkig is my perd ook dood en moes ek toe saam op die grens as wag diens doen, totdat 'n klompie perde wat ons uit die Vrystaat verwag het, sou opdaag.

Een van die waaghalse, Jan Botha, het egter nie die geduld besit om só lank op 'n perd te wag nie. Toe daar weer 'n berede troepeafdeling van Rustenburg af na Groot Marico op trek was, loop hy hulle in die rante bokant Rondawelskraal voor en versteek hom in 'n noemnoembos, reg in die pad waarlangs die vyand moes trek

Na 'n rukkie kon hy die Engelse vanuit sy digte doringvesting noukeurig bespied. Hulle trek weerskante van hom verby, die naastes seker geen vyf tree van hom verwyder nie. Vooraan was 'n klompie verkenners, daarna volg die voetgangers en daarna die perderuiters.

Jan bly maar doodstil sit totdat dit begin stil word. Soos die geluk dit wou hê, kom die heel laaste perderuiter op 'n stappie reg op hom af. Toe hy by die bos kom, spring Jan uit en hensop hom. Sy slagoffer is só oorbluf dat hy gedwee van sy hele toerusting afstand doen: Geweer en patrone, perd met saal en toom, saalsak, komberse en proviand. Jan klim haastig op en laat spat in die teenoorgestelde rigting. Ons ander het hom dit beny toe hy met so'n ryk buit weer by ons aankom, maar hy het dit eerlik verdien.

Ek het my dikwels aan sy roekelose waaghalsigheid verwonder. By 'n latere geleentheid was ek byvoorbeeld

met vyftien man by Rietvlei, naby Swartruggens, op verkenningswerk uit toe ons skielik 'n berede Engelse troepeafdeling met die grootpad van Swartruggens na Groot Marico sien naderkom. Ons jaag oor die pad om aan die oorkant in die rant veiligheid te gaan soek. Die Engelse gewaar ons en begin om ons met hul kanonne te bestook. Jan Botha steur hom egter geensins daaraan nie, maar sit nog houtgerus en koffie drink by een van die huise aan die onderkant van die pad. Toe hy ons ander uiteindelik agternasit, was die Engelse al baie naby. Hulle gewaar hom en konsentreer toe al hul kanonvuur op hom. Ons hou die petalje vanaf die rant dop. Hy bly maar ewe ongeërg op 'n stappie voortry onderwyl die stof kort-kort rondom hom opslaan en die koeëls om hom fluit en kom sonder 'n skrapie, nog steeds stappende, by ons aangery.

Eindelik het die blye dag aangebreek dat sommige van ons weer perde kon bekom. Al die manne van die grenswag kon toe nie geholpe raak nie omdat daar te min perde was. Die Veldkornet kies toe 'n klompie kêrels uit aan wie hy elk 'n perd wou gee. Ek was toe ook een van die gelukkiges wat 'n kans gekry het om vir my een uit te soek. Ek het vir my 'n jong ongeleerde blou poon gaan vang en hom die naam "Vêrplie" (Fairplay) gegee.

Ons kommando het hom op daardie tydstip in die omgewing van Brakkloof bevind. Ek en Jan Venter, wat ook 'n perd gekry het, besluit toe om vanaf Rondawelskraal, waar ons toe was, ons kommando te gaan opspoor. Ons ry al langs mekaar in die rigting van Swartruggens, terwyl hy my jong perd aan die halterriem hou.

Hoe dit presies gebeur het, weet ek nie, maar meteens bevind ons ons tussen ‘n klompie Engelse wat skielik van agter ‘n rantjie te voorskyn kom en tussen die bome deur in dieselfde koers as ons beweeg. Dit was ‘n klompie verkenners wat gelukkig geen aandag aan ons skenk nie en dus geen onraad bespeur nie omdat ons in die selfde rigting gaan.

My maat vra: “Wat nou?”

Ek sê: “Ry draf!”

Die Engelse ry gewoonlik nie op ‘n galop nie. So gaan ons toe al drawwende voort saam met die vyand van een koppie na die ander totdat hulle naderhand stilhou om die omgewing te bekyk. Maar toe het ons al so ongemerk onder hulle uitgedraf en weggeswenk. Dit sou te gewaagd gewees het om te probeer wegjaag omdat die jong perd heel moontlik kon weier om te hardloop.

Ons ry toe oor ‘n nek in die rant, regoor Bosatsi se stat tot in die grootpad wat deur die kant van die stat loop. Daar sien ons aan die spore in die pad dat ‘n aansienlike aantal ruiters kort voor ons aankoms daarlangs moes getrek het. Ons het geen vertroue in die swartes gehad nie en ons het ook nie gaan probeer om by hulle uit te vind of dit Engelse of Boere was nie. Ons ry toe maar voort.

‘n Paar kilometer verder, waar die pad met ‘n draai deur ‘n kol hoë bome lei, kom ons skielik op ‘n laer af wat daar uitgespan staan. My oog val op ‘n klomp Tommies wat aan die linkerkant van die pad onder die bome besig was om kos te maak. Ek sê aan my maat wat nog steeds my perd aan die halterriem vashou: “Draai, man, draai!”

Hy kyk my aan asof hy my nie begryp nie. “Waarom moet ons omdraai?” vra hy.

“Hemel man, sien jy dan nie die Engelse nie?” vra ek.

“Man, dis ons mense!”

Ek dag toe dat hy van plan is om te gaan oorgee en sou dadelik die riem teen die halter losgesny het, maar ek was pynlik bewus van die feit dat my jong perd botweg sou weier om van sy maat af weg te breek. My oë is op die Kakies gevestig. Ons is alreeds dertig tree van hulle af. Van die anderkant van die pad af roep iemand skielik: “Waar is die Kakies?”

Toe eers sien ek die Boere en sien Jan Venter die Engelse! Dit was my swaarste oomblik gedurende die hele oorlog, want ek was vir niks so bang as om gevang te word nie. Dit was al die tyd ons eie kommando met ‘n klompie gevangenes.

Daarna kry ‘n aantal van ons jong manne toe verlof om gou by die huis ‘n bietjie beskuit te gaan haal, onderwyl die Veldkornet met die ander manskappe so lank na Lindleyspoort terugtrek, waar ons hulle weer die volgende dag sou ontmoet. Tuis aangekom, het elke man sy bes gedoen om ‘n klein voorraad kos te versamel en vroeg die volgende oggend was ons weer bymekaar en gereed vir die terugreis.

Ek kom toe daardie môre in aanraking met ‘n sekere jongkêrel, Hendrik van Staden, wat ons maar selde op kommando gesien het. Onderwyl ons op pad was, begin hy ons metode van oorlogvoer heftig te kritiseer en

beweer dat dit geen werklike vegtery is nie maar sommer ‘n doellose rondtrekkery. Ek waarsku hom toe dat ons hom binne ‘n dag of wat so naby aan die Engelse sal bring dat hy sy hoed sal verloor.

Op Lindleyspoort aangekom, deel die Veldkornet ons mee dat hy berig ontvang het van ‘n Engelse mag wat aan die kom was en alreeds duskant Boshoek se nek in ons rigting aan die nader was. Die volgende môre neem ons op Krokodildrif posisie in op ‘n streep rantjies wat al langs die Elandsrivier noordwaarts loop. Toe die Engelse tot op trefbare afstand vir ons kleingeweervuur genader het, brand ons op hulle los. Onmiddellik trek hulle hul kanonne reg en begin om ons te bestook.

Ons burgers was in die rantjies taamlik goed teen die bombardement beskut, maar ons perde was nie so veilig nie. Gedurende so ’n skermutseling was die welsyn van jou perd die eerste waaraan jy gedink het, van hom het grootliks jou eie veiligheid afgehang. Sonder jou rydier het jy niks beteken nie.

Om ons perde te red moes ons toe teen ons sin die hasepad kies. Elke man laat nael net so vinnig as wat sy bene hom kan dra, spring op sy perd en jaag voort. Toe die vyand sien ons retireer, skep hulle moed en laat die bomme nog vinniger reën.

Toe ek by Vêrplie kom, staan hy onrustig en rondtrap, terwyl hy die halterriem wat intussen op die grond afgegly het, vastrap. My maat is reeds skoonveld en elkeen doen net wat hy kan om weg te kom. My perd maal so verbouereerd in die rondte dat ek nie kan opklim nie, want die ongeleerde dier was nog gladnie touwys nie. Gelukkig

slaag ek naderhand daarin om in die saal te kom. Van my maats is niks meer te sien nie. Ek probeer om my perd aan die loop te kry, maar hy verstaan daar niks van nie. Hy was aan die ander perd langs hom gewoond en weier beslis om koers te vat.

Meteens bars ‘n bom kort agter ons. Gelukkig neem hy toe van skrik die loop en ons jaag in volle vaart onder die vyand se koeëls uit.

Toe ek weer by my maters aanland, sien ek Hendrik van Staden met ‘n doek om die kop ry. Sy hoed het met die vinnige vlug verloor en hy het nie die moed gehad om hom weer te gaan optel nie. Ek het nooit kon dink dat my woorde aan hom twee dae vantevore om op te pas dat hy nie nog binnekort uit sy hoed sou vlug vir die vyand nie, so gou en so letterlik bewaarheid sou word nie.

Daardie aand was Hendrik die voorwerp van die jonges se lag en spot. Hy het later, toe hy ‘n geskikte geleentheid kry, stilletjies van die toneel verdwyn. Of hy van toe af by die huis gaan sit het of gemene saak met die vyand gaan maak het, weet ek nie.

OP OU BREEDT SE PLAAS (13)

Op hierdie tydstip het ons klein perdekommando'tjie grotendeels uit jongmanne bestaan wat deur veldkornet Roelf van Tonder uitgesoek is om perde aan toe te ken wanneer daar perde beskikbaar was.

Vk Van Tonder was nie 'n grootprater nie. As daar besluit word om 'n Engelse kamp aan te val, kon die Generaal maar gerus wees dat Van Tonder op sy pos sou wees.

Soos reeds vroeër vermeld, was ons veldkornetskap se taak om die grens tussen ons mense en die swartes te bewaak. Dus kon ons nie deelneem aan al die gevegte wat in die Moot of te Hekpoort of op verskeie ander plekke plaasgevind het nie. Telkens het daar in ons eie wyk klein gevegte voorgekom wanneer ons met 'n verbytrekkende Engelse troepeafdeling slaags raak. Dan probeer ons om hulle só besig te hou dat hulle nie in staat sou wees om patrollies uit te stuur om die omliggende plase kaal te stroop nie. Daar was nog altyd huisgesinne wat daarin geslaag het om die vyand te ontvlug. Hulle het hul toevlug tot die ruie klowe geneem, waar die vyand selde binnegedring het. My verloofde was een van die gelukkiges wat nog veilig rondgevlug het.

Op 'n sekere dag kamp ons op die Hoëveld op 'n plek wat ons sommer "Ou Breedt se plaas" genoem het, aan die grootpad wat van Krugersdorp na Koster loop. By dié geleentheid ontvang elke burger 'n stuk beesvleis wat egter baie maer en seningrig was. Ons het onsself in 'n verlate woonhuis tuisgemaak, wat alreeds deur die eienaars ontruim was. Een van ons sê toe dat die vleis só

maer is dat jy dit teen die huis se muur kon vasgooi. Die ou mense het dikwels wanneer 'n maer dier geslag word, gesê dat die vleis so maar is dat dit teen die muur sal vasklou.

Om te sien of dit werklik so is, neem Piet du Toit toe 'n stuk vleis wat vir 'n paar burgers bedoel was. Hy trap vas en gooi die vleis, wat seker nie minder as vyf kilogram geweeg het nie, teen die muur vas dat dit jou werklikwaar daar bly hang! Ons voedselvoorsiening was dikwels bitter ontoereikend.

Onderwyl ons hier op ou Breedt se plaas gestaan het, kom daar drie jong burgers van die Marico-kommando by ons aansluit. Hulle name was Johannes en Jacobus Joubert en Willie Barbie. Om een of ander rede is hulle van hul eie kommando weg, wie se aanvoerder toe by generaal De la Rey gaan kla en wou hê dat hy hulle weer moes terugstuur. Die Generaal se antwoord was dat so lank as wat 'n man veg, dit nie vir hom saak maak by wie hy veg nie. So het die drie kêrels vir die duur van die oorlog by ons gebly.

Na 'n paar dae trek ons terug in die rigting van Slypsteenkoppies naby Boons om 'n Engelse troepemag wat ons vanaf Krugersdorp genader het, daar in te wag. Ons kommando onder generaal De la Rey neem toe posisie in aan die regterkant tussen die rantjies en die burgers van die ander offisiere aan die linkerkant.

Die Engelse mag het toe alreeds op ou Breedt se plaas aangekom waar hulle hul kamp opslaan. Daarna stuur hulle 'n groot berede afdeling en 'n paar kanonne in ons rigting uit. Ons lê hulle gereed en inwag, maar toe hulle

nog veilig buite trefafstand van ons kleingeweervuur af was, roep hulle halt en stel hulle kanonne op ons en begin ons onder die bomme steek. Na ‘n rukkie sien hulle dat die kanonvuur geen uitwerking op ons het nie. Daarna stuur hulle twee groot afdelings perderuiters na weerskante toe uit in ‘n poging om ons te omsingel.

Die vyand het dikwels van hierdie taktiek gebruik gemaak om ons uit ons posisies te verdryf, want hulle was bewus van die feit dat ‘n Boer niks van vaskeer gehou het nie. Dit geluk die Engelse om langs ‘n wye omweg om ons heen te trek, waarop ons toe maar weer dadelik moes laat spat, want hulle was toe al amper om ons en in die nabyheid van uitstekende stellings in die rante. Ons kon nog net langs een opening reg voor ons ontvlug.

Generaal De la Rey gee aan ons korporaalskap bevel om die Engelse teë te hou totdat al die burgers uit is. Ons sou volgens hom weer bevele ontvang wanneer om ons stellings te verlaat.

Die Engelse trek in ‘n diep holte langs waar ons hulle nie kon sien nie, maar op ongeveer vierhonderd tree afstand van ons af begin hul koppe bokant die bultjie tevoorskyn kom. Ek raai die kêrels naby my aan om nie te skiet voordat daar nie eers ‘n hele aantal sigbaar is nie. Toe maak ons hiervandaan stukkend en ‘n hele paar makeer. Gou verdwyn die res weer agter die bult en die koeëls begin om ons heen te fluit.

Ons perde staan nie ver van ons af nie, veilig agter ‘n bankie. Meteens sien ek die manne begin opspring en na die perde toe hardloop. Ek skreeu aan hulle om terug te kom. Hulle draai om en ons begin weer om die vyand te

bestook. Maar dit duur nie lank nie of byna al die kêrels spring weer op en slaan voet in die wind; selfs ons korporaal was besig om die rieme neer te lê! Net ek en Matthys Buitendag, ‘n dapper man sonder ‘n bang haar op sy kop bly agter. Ons voel toe baie vies vir die klomp papbroeke, want wat sou generaal De la Rey van ons dink as hy daarvan te hore kom?

Noodgedwonge moes ons twee toe ook maar die wyk neem en ons ry in die rigting voort waarin ons makkers gevlug het. Die Kakies skiet aanhoudend op ons, maar die koeëls fluit skadeloos bokant ons koppe verby onderwyl ons al op ‘n stappie voorttrippel om hulle te mislei. Hulle reken dat hulle koeëls te kort val en ons nie bereik nie en skuif die visiere nog hoër op.

Ons voel bekommerd oor die burgers wie se aftog ons moes dek. Hulle kon nog nie almal aan die omsingeling van die vyand ontsnap het nie, anders sou ons bevele ontvang het om ook die aftog te blaas.

Meteens hoor ons hoe ‘n vegtery reg voor ons aan die brand slaan. Die Kakies het die pad voor ons toegemaak en is nou besig om ‘n aantal burgers in ‘n nou poortjie tussen twee rantjjies voor te keer, maar hulle slaag tog daarin om een-een deur te jaag. Daar was toe geen tyd meer oor om te verkwis nie en ons jaag so al wat die twee perde kon doen om ook daar deur te kom. Die sarsies wat die Engelse op ons vuur, spoor ons perde tot nog groter haas aan, met die gevolg dat ons naelskraap deurbars en gelukkig heel anderkant uitkom.

Daarna tref ons ons kommando op Middelfontein aan, waar hulle afgesaal staan en ontdek dat hulle nie eers

daarvan bewus was dat ons die heel tyd nog agter was nie. Ons sou tevergeefs gewag het op die teken wanneer om te laat spat. Ek en Buitendag was toe ook maar bly dat ons maats voet in die wind geslaan het. So het die ervaring my daardie dag geleer om nooit my veiligheid volkome aan ‘n ander se sorg toe te vertrou nie, maar om gereeld my eie oordeel te gebruik. Dit het die burgers onder kommandant Louw van Niekerk ook daardie dag gedoen. Kmdt Van Niekerk was ‘n dapper vegter, maar sy manskappe moes maar self die gevegsterrein dophou en hom waarsku wanneer die Engelse besig was om hulle te omsingel, want hyself sou dit nooit agtergekom het nie omdat al sy aandag net op die geveg voor hom gekonsentreer was en hy nooit daaraan gedink het om kort-kort vas te stel of die Engelse nog nie besig was om hulle te omsingel nie.

Twee van ons kêrels, Hennie Riekert, dieselfde man wat deur die Bagatlas by Derdepoort gevang en aan die Engelse uitgelewer is, en Flip du Preez is dié dag albei in hul bene gewond. Die Engelse het Du Preez se been afgeskiet, hom gevang en as krygsgevangene weggestuur.

Hier op Middelfontein moes ons klompie burgers onder Van Tonder en Van Heerden ‘n rukkie later ‘n Engelse troepemag kom aanval wat weer daar gekamp het met die doel om die omliggende landerye te verwoes. Ons is spesiaal uit ons wyk daarheen gestuur om te kyk of ons nie daarin kon slaag om die wêreld vir hulle so warm te maak dat hulle verplig sou wees om te trap nie.

Vroeg die oggend was ons gereed vir die aanval, maar die vyand se kamp was op ‘n baie moeilike terrein geleë, op ‘n oop vlakte aan die voet van ‘n rant. Ons moes ons

perde bo-op die rant op die gelykte agterlaat en toe te voet langs die skuinste af die Engelse nader.

Onmiddellik nadat die vyand ons teen die berg gewaar het, begin hulle om ons te bombardeer. Baie van die bomme gaan vér bokant ons verby in die rigting van ons perde agter die rant.. Na ‘n paar uur het ons maar besluit om terug te trek, want op hierdie wyse kon ons geen hond haaraf maak nie en ons perde was in gevaar.

Op ons pad terug weer die rant uit, is Willem Doyle deur ‘n kartets uit ‘n barstende bom gewond.

Nadat ons agter die rant ‘n bietjie gaan asemskep het, trek ons langs ‘n groot omweg om die Engelse kamp om te kyk of ons hulle nie van die teenoorgestelde kant af beter kon bykom nie. Ons gewaar ‘n taamlike hoë bult wat tussen ons en die vyand lê en wat as bedekking kon dien om die vyand ongesiens te nader.

Skemerdonker die volgende oggend laat ons ons perde agter die bult staan en begin om ons doelwit te bekruip. Toe dit lig word, lê ons veilig op die bult in die hoë gras verskuil en begin om die vyand onder die lood te steek, want hierdie keer was ons naby genoeg vir kleingeweervuur.

Die vyand het ons natuurlik nie gesien kom nie omdat dit nog donker was, maar hulle begin nou ook in ons rigting te vuur. Uur na uur gaan verby, onderwyl ons maar aanhoudend die vyandelike kamp onder ons koeëls laat deurloop.

Langs my in die gras lê Frans Prinsloo. Meteens sny ‘n koeël onder sy elmboog deur op die plek waar dit op die grond rus. Sy baadjiemou was stukkend geruk, maar aan sy arm was daar geen skrapie nie.

“n Bietjie later vra Frans Prinsloo my of ek nie gou vir ons twee kon gaan koffie maak nie, want hy kon dit eenvoudig nie meer uithou van die dors nie. Ek kruip toe terug tot by die perde en maak ‘n keteltjie koringkoffie, sonder suiker of melk natuurlik. Nadat ek my eie dors geles het, was die keteltjie leeg en moes ek weer een vir hom kook. Daardie swart, bitter koringkoffie was die lekkerste wat ek nog in my lewe geproe het.

Teen sononder het ons op hande en voete deur die gras na ons perde toe teruggesluip en daar agter die bult eers geëet. Daarna het ons teruggetrek. Ons sending was ‘n sukses, want die volgende dag het die vyand getrap.

JAN GANSOOG SE VERBEELDING (14)

Ons Rustenburgers was aan die einde van Mei 1901 nog orals op die plase versprei toe daar ‘n berig van generaal Kemp kom dat daar ‘n groot Engelse mag op Vlakfontein staan. Veldkornet van Tonder kon darem naastenby ‘n honderd man bymekaar kry en ons sluit toe by die Krugersdorpers van kommandant Claassen en die Pretorianers van kommandant Oosthuizen aan, tesame met die orige magte van generaal Kemp.

Na ons die vorige dag so hier en daar met die vyand slaags was en hulle hul bes gedoen het om ons vanaf ‘n veilige afstand met hul kanonne te bestook, kry ons die oggend berig dat die vyand vanaf Vlakfontein met ‘n sterk berede afdeling in ons rigting aankom. Ons neem dadelik posisie in maar die Engelse bly vassteek aan die anderkant van ‘n uitgestrekte vlakte, buite trefafstand van ons kleingeweervuur en begin om ons stellings met twee kanonne te peper.

Ons magte was oor ‘n taamlike groot afstand tussen die rantjies versprei en dit was dus moeilik om presies te weet wat by elkeen van ons afdelings aan die gang was.

Skielik sien ek dat daar aan die regterkant van ons Rustenburgers rook begin opstyg en besef toe dat van ons mense die gras aan die brand gesteek het. Die wind trek gelukkig in die vyandelike rigting en gou-gou was die vyand agter ‘n vlammende rookgordyn bedek. Ons sien hierin ‘n gulde geleentheid om hulle ongesiens te nader en volg kort agter die vlamme oor die nog smeulende afgebrande graspolle. Elke man is gereed vir gebeurlikhede. Toe ons reken die vlamme behoort al baie

naby die vyandelike stellings te wees, gee ons die perde die teuels en duik deur die vuurgordyn. Nou was ons deur verstikkende rookwolke en knetterende vonke omring en was ook meteens tussen die vyand wat ons agter die vuur lê en inwag het.

Maar met die aanrollende vuur moes hulle gou die hasepad kies. Dog ‘n klompie van die voetgangers verdedig die kanonne met heldemoed totdat ‘n afdeling van ons burgers onder Van Deventer tot by die twee grofgeskuts deurdring en hulle afneem. Daarop begin hy die vlugtende Engelse met hulle eie kanonne te peper! Ons stoot vinnig vorentoe aan op die Engelse kamp af, waar die vyand reeds al begin gereedmaak om voet in die wind te slaan. Onderwyl ons al skietende die een rantjie na die ander verower, word daar opeens op een van ons flanke uit ‘n ander rantereeks heftig op ons gevuur. Ons dink toe dat ons in ‘n hinderlaag gelok is en generaal Kemp gee bevel om terug te val omdat ons nie in staat sou wees om met ons handjievol in hierdie omstandighede vol te hou nie.

Ons probeer toe die vyandelike afdeling wat skuins van agteraf die wêreld vir ons so warm maak, onder die koeëls kry, maar ontdek toe tot ons verbasing en wrewel dat dit van ons eie mense was onder veldkornet Du Toit, wat ons vir Engelse aangesien het.

Was dit nie vir hierdie ongelukkige voorval nie, sou ons seker die vyand ‘n goeie hou toegedien het. Hulle was seker baie verbaas om te gewaar dat ons meteens terugtrek nadat ons hulle al skoon op loop gejaag het. Hulle het toe ook dadelik hierdie nuwe wending in die geveg tot hulle voordeel omskep deur vinnig terug te keer en hul kanonne

in veiligheid te bring. Ons was in elk geval nie toegerus om hierdie grofgeskut met ons saam te neem nie.

Ons het egter vasgestel dat die vyand tydens die verwarring onder eie geledere, wat ontstaan het as gevolg van ons onverwagse vuurtaktiek, ook op hul eie mense geskiet het. Daar het darem ‘n groot aantal van hulle dié dag op die Vlakfonteinse vlakte bly lê.

Daarna moes ons kommando’tjie noordwaarts beweeg terwyl genl Kemp in ‘n ander rigting moes laat spat, want die vyand het met ‘n groot oormag troepe probeer om ons in te sluit maar ons kon darem daarin slaag om te ontkom.

‘n Rukkie na die tyd is ons klompie burgers onder Van Tonder en Van Heerden toe na Van Heerden se plaas om ons perde ‘n bietjie te laat rus, want daar was goeie gras en heerlike koeltebome. Ons het die plek “Brommerdraai” genoem omdat daar ‘n mag der menigte van hierdie lastige insekte was. Die brommers het hul eiers in ons komberse gelê en selfs ons tabakrolletjies het besmet geraak.

Op ‘n sekere dag moes ons op bevel voor die huis van Van Heerden bymekaar kom om sekere bevele wat deur die Generaal uitgereik is, aan te hoor. Daarna het ons Van Tonder-kommando’tjie weer na ons wyk teruggekeer met die doel om te sien of ons nie verbytrekkende Engelse oral in die omgewing kon lastig val nie en ook om die swart spioene te laat agterkom dat ons weer terug is en dat hulle in hul pasoppens moet bly.

Ons kom op Lemoenfontein, naby Bokfontein aan en besluit om ons perde ‘n paar dae lank daar te voer omdat daar nog ‘n bietjie hawer verkrygbaar was.

Hier op Bokfontein het ‘n sekere Frederik Buitendag gewoon, ‘n broer van Matthys Buitendag wat kort tevore saam met my by Slypsteenkoppies amper deur die Engelse vasgekeer is. Maar hy was van ander stoffasie as sy broer en ons het hom lankal nie meer op kommando gewaar nie. Sy oudste broer Casper was alreeds onder die Engelse en het boonop nog die skanddaad gepleeg om die skuilplek van sy eie ou vader aan die vyand te gaan verraai!

Ons het die dag by Frederik se huis gaan snuffel, maar kon uit sy vrou niks aangaande hom wys word nie. Daardie aand gaan ‘n paar van ons jongkêrels die huis omsingel. Ons deursoek die hele gebou maar kon nêrens ‘n teken van hom gewaar nie. Net toe ons maar weer aanstaltes wou maak om te loop, trek een van die kêrels ‘n wakis wat in die hoek van die slaapkamer gestaan het, opsy en lê amper op sy rug van pure verbasing: Onder die kis was daar ‘n gat in die vloer, groot genoeg vir ‘n man om in te sit. Daar sit Buitendag toe soos ‘n uil in sy nes, terwyl die kis die hele tyd sy wegkruipplek bedek het!

Moenie praat watter jolige gelag en gespot hy toe moes verduur nie. Ons het hom maar laat loop, want kon nog geensins bewys dat hy reeds verraad gepleeg het nie. Na die oorlog het ons hom nie weer te sien gekry nie.

Onderwyl ons nog daar vertoef, bereik ‘n berig ons dat ‘n Engelse mag oor Magatosnek aan die nadertrek is. Ek word toe saam met korporaal Jan van Niekerk,

bygenaamd “Jan Gansoog” met ‘n klompie burgers deur ons veldkornet na Moedwil gestuur om by ‘n ruie koppie dié nag te gaan brandwag staan. Die pad wat na Lemoenfontein lei, het daar uitgedraai en ons moes rapport maak met watter pad die vyand kom.

Ons het ons perde agter die koppie vasgemaak en ‘n paar man daar laat bly om hulle op te pas, terwyl ons ander op die koppie gaan slaap het. Ons laat twee man waghou wat telkens deur ander afgelos moes word.

Omstreeks middernag word ons skielik deur die Korporaal gewek met die onaangename tyding dat die Engelse ons al byna omsingel het en dat ons onmiddellik moes trap as ons nie gevang wil wees nie. As ‘n man so skielik op jou nugtermaag gewek word, moet jy tog glo wat die wag vertel. Ons is holderstebolder met komberse en al die koppie af na ons perde toe en laat dadelik spat.

‘n Paar honderd tree verder roep ons halt om vas te stel of die Engelse met die Lemoenfonteinse pad sou kom. Maar daar gebeur niks nie.

Toe dit naderhand lig word, gaan ons terug om te sien of die vyand dan met die grootpad verby is, maar ons vind geen spoor van hulle nie. Toe sien ek ‘n klompie aasvoëls wat oral in die bome sit en weet toe dadelik dat hulle die oorsaak van die Korporaal se benoudheid was, want elke keer as een van die ou langnekke na ‘n geriefliker sitplekkie verskuif, klap hy met sy vlerke en die Korporaal het geglo hierdie geluide kom van die vyand wat dan besig sou wees om ons te omsingel.

Daar het toe rusie tussen ons en die Korporaal plaasgevind en ‘n klompie van ons besluit toe dat Jan Gansoog afgesit en ‘n korporaal uit ons eie geledere gekies moes word, dog die Veldkornet wou nie aan ons sin voldoen nie; ons moes maar teen wil en dank onder hom dien. Daarop besluit ons om pal te staan. Die Veldkornet vra toe of ons vyftien kêrels dan kans sien om die werk van dertig man te doen, waarop ons hom dit eenparig verseker. Hy gee ons toe toestemming om onder ons ‘n korporaal te kies. My makkers wys my aan as hul keuse, wat ek my toe maar laat welgeval het, want ek het geweet dat ek op elkeen van hulle persoonlik kon staat maak.

Nie lank hierna nie het ons kommando’tjie op Renosterfontein aan die Maricorivier, voor die poort by Riekertsdam met ‘n Engelse mag slaags geraak. Die vyandelike oorwig het daarin geslaag om ons te omsingel. Al uitkoms was om langs ‘n ou paadjie tussen die rivier en die krans waarop die vyand reeds was, te perd een-een deur te jaag, skaars ‘n honderd meter onderkant die leemetfordbekke verby. Die afstand moes natuurlik vir die Engelse te naby gewees het, want hulle skiet keer op keer veilig oorheen!

Onderwyl ons nog besig was om feitlik een-een uit die vyand se omsingeling te ontsnap, het ‘n paar burgers vanaf ‘n koppie, ongeveer ‘n duisend tree van ons af, op die Engelse begin vuurmaak. Skynbaar was die vyand in staat om op die groot afstand beter raak te skiet, want toe hulle die paar Boere se vuur beantwoord, word een van ons manne, Jan Diederiks, gewond. 'n Gedeelte van die Engelse mag was toe ook al besig om daardie koppie te omsingel sodat die paar burgers so vinnig moes

veiligheid soek dat hulle nie in staat was om die gewonde saam te neem nie.

Ons het hom vroeg die volgende oggend daar dood aangetref. Sy wonde was nie van ‘n ernstige aard nie, maar dit was winter en die bitter koue het seker toe sy dood bygedra.

NA DIE VRYSTAAT (15)

Toe ons Veldkornet, Roelf van Tonder bespeur dat ons korporaalskappie, wat maar uit vyftien man bestaan het, baie gelukkig is en gereeld ons plig doen, roep hy ons bymekaar en vra of ons kans sien om na die Vrystaat te gaan en daar vir ons ‘n klompie perde te gaan opkoop. Hierdie versoek het by ons algehele byval gevind.

Daarop kry ons verlof om ons perde ‘n paar dae op Koedoesfontein te gaan voer en te laat uitrus, want daar was nog hawer te kry. Intussen het ons die paar stukkies klere wat ons nog besit het, in orde gebring vir die reis en toe laat vat. Die enigste vervoermiddel vir ons kos, klere en komberse was ‘n ligte kar.

Al die plase waarlangs ons getrek het, was sonder uitsondering verlate en deur die vyand geplunder, die woonhuise reeds afgebrand en die landerye verniel. Daar het maar min lewensmiddele oorgeskiet vir die vegtende en vlugtende Boerevolk wat soos wese op eie vaderlandse bodem blootgestel is aan die roofsug van ‘n sogenaamde beskaafde nasie.

Ons is oor Kwaggashoek en Tweebuffelsgeskiet tot op ‘n plaas van kommandant Vermaas waar ook alles verlate was, maar naby aan die woonhuis was ‘n stukkie mooi groen gras waar ons perde die nag in kom wei.

Vroeg die volgende oggend het ons weer vertrek en laat die middag by ‘n waterstroompie afgesaal om eers die moegheid af te spoel en ‘n keteltjie te kook. Gewoonlik het jy sommer jou sakdoek as handdoek gebruik en dan oor ‘n bossie oopgesprei om weer te droë.

Toe ons daarvandaan vortgaan het ek my sakdoek per ongeluk vergeet. Een van die ander kêrels het hom egter raakgesien en saamgebring. Nadat ons daardie aand die perde gespan en klaar geëet het moes ek voor die “kajuitraad” verskyn. Die sitting van hierdie skynhof het ons dikwels saans ure lank pret en vermaak verskaf. Wanneer een van die burgers ‘n misstap begaan het, moes hy voor die kajuitraad verantwoording doen. Dit het uit ‘n “landdros”, ‘n “publieke vervolger” en ‘n “dokter” bestaan en die straf is gewoonlik in die vorm van slae toegedien. Die “dokter” moes die persoon na die vel van die vonnis deeglik ondersoek om kamma vas te stel of die veroordeelde die straf wat die “landdros” hom opgelê het, sou kon verduur. Sy ondersoek het gewoonlik só verloop: “Kom laat my voele de pols. Steek uit de tong!” ensovoorts. Hy bevoel hom ewe ernstig en keur die straf goed of gedeeltelik goed.

Daar word groot eerbied gedurende die sitting van die hof verwag en niemand is toegelaat om te lag of luimige aanmerkings te maak nie. Die aanklag teen my was dat ek weens nalatigheid my sakdoek langs die pad laat lê het en sodoende ‘n slegte voorbeeld aan die ander burgers gestel het.

Ons het net tot op die ernstigste stadium van ons hofsitting gevorder waar ek skuldig of onskuldig moet pleit, toe ons skielik perdehoewe hoor dreun en ‘n klompie ruiters met die pad reg op ons sien afkom. Die hof het onmiddellik vanself op onseremoniële wyse verdaag. Die meeste van ons loop ‘n ou kraalmuur storm en die res laat nael na die perde toe. Toe die vreemdelinge so te sê op ons was, skree ons hulle tot halt. Hulle hou vlak voor ons stil. Gelukkig was dit ‘n brandwag-patrollie van ons eie

mense. Hulle was ook maar skoon uitasem geskrik want dit was ‘n niksvermoedende klompie wat niemand hier te wagte was nie.

So het ek die straf op my ernstige “misdaad” vrygespring, want die saak is nooit later teen my hervat nie.

Hiervandaan het ons oor Wolmaransstad getrek, waar ons die nag in’n kerk geslaap het vir skuiling teen die reën, wat die heelnag hard neergestort het.

Die volgende dag is ons deur die Vaalrivier die Vrystaat in. Naby die Transvaalse grens was geen enkele perd ter kry nie en ons moes dus nog veel verder gaan. ‘n Paar dae lank het ons geen mense gewaar nie, maar kom toe op die plaas van ‘n sekere Janse. Ons tref hom tuis aan, want hy het toe pas teruggekeer ten einde vas te stel hoeveel van sy besittings nog nie deur die vyand verwoes is nie.

Gelukkig kry ons by hom ‘n klompie mielies vir ons perde en ‘n paar skape om op pad te slag, asook goeie raad oor watter koers ons moes trek om nie die vyandelike kolonnes raak te loop nie.

Hiervandaan is ons oor verskillende plase tot aan die Modderrivier, waar ons omgedraai het. Alhoewel die burgers van die Vrystaat ons oral baie gasvry ontvang het en hul bes gedoen het om soveel as moontlik van hul oorgeblewe perde aan ons af te staan, was dit maar meestal jong perde wat nog nie veel vir kommandodiens werd was nie.

Op ‘n sekere dag kom ons op ‘n plaas aan waar ons afsaal omdat ons perde toe al baie moeg was. Die klein paadjies

oor dik sandbulte op die Vrystaatse vlaktes het ons perde baie gemoor.

By die woonhuis was alles verlate, dog later kom die eienaar te perd daar aangery. Die vleishonger het ons geknyp en ons verneem toe by hom of hy nie miskien aan ons ‘n slagdingetjie kon afstaan nie.

“Hier loop nog net een wilde hamel wat die Engelse nie in die hande kon kry nie. As julle hom kan vang, kan julle hom maar slag.”

Ons stuur ‘n man te perd die veld in en laat hom aankeer. Een van my maters kom na my toe en fluister: “Hansie, ons kan nooit die skaap verloor nie; as hy weghol, moet jy hom skiet.”

Toe die hamel ons gewaar, spring hy om en daar trek hy, dog die volgende oomblik haak ek af en daar rol hy! Die eienaar kyk ons verbaas aan en sê: “Skiet julle Vaalpense dan skape ook?”

“As dit nie anders kan nie, ja, “antwoord ek. Dit het gelyk of hy ‘n bietje teleurgesteld was. Hy het seker maar gehoop dat ons nie die hamel in die hande sou kry nie.

Op ander plase waar ons nog mense aangetref het, het die waens waarmee die gesinne vir die vyand rondgevlug het, gewoonlik gereed voor die huise gestaan om by onraad te laat spaander. Op een van die plase was ‘n paar waens met families bymekaar aan gereedmaak vir die vlug want hulle het toe juis berig ontvang dat ‘n Engelse patrollie in die omgewing aan die snuffel was. Die tantes was baie

goed vir ons en het ons met beskuit, meel en vleis oorlaai sonder dat ons daarom gevra het.

Nie veel verder nie tref ons ‘n paar waens in die veld aan wat alreeds vir die Engelse padgegee het en waar daar ‘n paar vriendelike nooientjies was. Ons het saam met hulle ‘n paar oorlogsliedjies gesing, onder andere ook die een van die “Lady Roberts”, die groot Engelse Kanon wat die Boere van die Engelse gebuit het.

Ons het hier ‘n paar dae vertoef om ons perde ‘n bietjie te laat rus en toe die terugtog hervat. Ons het ongeveer sewentig perde met ons saam teruggebring.

Na ‘n maand se afwesigheid trek ons weer die Vaalrivier veilig deur en saal uiteindelik by Tweebuffelsgeskiet by ‘n bietjie water af waar die koelte van enkele wilgerbome ons ‘n aangename russie verskaf. Ons stuur ‘n paar man na ‘n swart statjie ongeveer drie kilometer daarvandaan op ‘n bult om te kyk of hulle nie vir ons ‘n slagdingetjie kon raakloop nie. Na ‘n rukkie sien ons hulle oor die bult aankom met drie hamels wat hulle aanjaag.

Toe die skape omtrent driehonderd tree van ons af was, spring hulle skielik om en jaag soos wilde diere weer terug. Met die herinnering aan die petalje met die wilde hamel in die Vrystaat nog vars in die geheue, gryp ek my mauser en gaan sit. Ek kap die voorste een om, toe die tweede en ook die derde – drie voltreffers! My maats was nie juis verbaas nie want hulle het geweet dat ek ‘n goeie skut was.

Ons kry vir generaal De la Rey met ‘n sterk perdekommando op Kwaggashoek, waar ons die perde

aan veldkornet Van Tonder afgee en weer by ons kommando aansluit. Vêrplie, my perd, was een van die weiniges wat in staat was om die lang tog heen en weer te voltooi. Die meeste van die ander perde het langs die pad agtergebly en moes deur vars perde vervang word.

BROKKIES UIT ONS KOMMANDOLEWE (16)

Dit was nou al diep in Oktober 1901.

Nadat ons ‘n paar dae op Kwaggashoek gerus het, ontvang ons berig dat daar ‘n Engelse kamp op Rondawelskraal staan en dat die vyand soos gewoonlik weer besig is om met behulp van hul swart handlangers die graan op die omliggende landerye te verwoes. Die vyand het met sekels die koringare afgekap en maak toe gereed om met die grootpad langs na Groot Marico te trek.

Generaal Kemp gee bevel om hierdie Engelse troep êrens te gaan voorkeer en aan te val. Ons trek die Maricorivier by Koedoesfontein deur en hou al links van die rivier deur die berge tot naby Rietvlei, waar ons die nag slaap. Vroeg die volgende môre was ons bokant Rietvlei, in die rante by Kleinfontein se nek en wag die vyand in.

Die vorige dag was klein groepies burgers van Van Tonder besig om hier en daar in die rante die snuffelende Engelse patrollies te blaker, toe twee kêrels skielik op ‘n spioen afkom wat ‘n klein entjie van hulle af langs ‘n ou kraal houtgerus met ‘n verkyker voor die oë die omgewing bespied. Een van die verkenners wou hom dadelik ompiets, maar sy maat gewaar dat die Kakie nog ander planne in die mou voer. “Nee man, laat hom maar eers die laaste sopie van sy lewe drink,” sê hy, onderwyl die Engelsman niksvermoedend ‘n botteltje uit sy sak haal en die inhoud na sy lippe bring. Eers toe hy dit weer “veilig” teruggeplaas het, knal die mauserskoot . . .

Die son was al op toe die Engelse begin om deur die Maricorivier te trek. Tussen ons en die pad waarlangs hulle kom, was ‘n digte lap bome. Ons wag tot hulle regoor ons kom voordat ons van die rant af agter die bedekking van die bome begin storm. Ons jaag in ‘n uitgestrekte linie langsmekaar en toe ons tussen die bome deur aankom, begin die vyand op ons te vuur. Hulle maak die wêreld vir ons warm met ‘n stuk of drie kanonne, maar ons slaag daarin om ‘n hele paar volgelaaide waens af te keer en die bome in te dryf. Die kanonne was gou-gou stil en ‘n afdeling van ons perdekommando sit toe die Engelse se ruiters agterna. ‘n Menigte van die voetgangertroepe het van die waens af na die berg se kant toe gevlug en agter die groot klippe op die rantjie gaan skuil, skaars honderd -en-vyftig tree van die pad af.

Ek en ‘n paar van my maats haak haastig ons perde se teuels aanmekaar en draf nader. Toe begin ons die stof daar tussen die klippe losskiet.

Skielik word my swaer, Roelf Joubert, wat langs my besig was om te veg, deur ‘n koeël in die linkerbors getref. Hy kyk my nog vir laas meewarig aan en sê stameland aan my dat dit ‘n doodskoot is. Hy stap eers nog ‘n paar tree en sak toe inmekaar.

Ons hou nog maar aan met skiet op die klompie Kakies teen die rantjie, skaars ‘n honderd tree van ons af. Maar toe sien ons dat die manne aan ons linkerkant begin retireer. Ons wis nie wat agter die rantjie aangaan nie, maar die vuur van die vyand word meteens al hoe hewiger. Ons ontdek dat byna al ons manne al getrap het en dat die vyand nog net op ons paar vuur. Dat ons almal sonder ‘n skraap daar uit is, was net aan die feit te danke

dat die Kakies werklik hopelose skuts was. Later sou ons ontdek dat die vyandelike voetgangers en artilleriste wat by die waens en die kanonne oorrompel is, nooit ontwapen is nie, met die gevolg dat hulle dadelik daarna weer aan die geveg kon deelneem.

Daar het ongeveer twintig van ons burgers geval. Hierdie manne was feitlik almal Rustenburgers, want ons afdeling moes die vyandelike flank aanval wat die beste agter die klippe verskans was. Ons het ons gesneuweldes eers daar agtergelaat en ons gewondes na ‘n skooltjie te Oberholzerskloof vervoer waar hulle verpleeg sou word. Daarop het ons teruggekeer en ons dooies op Bokkraal begrawe.

Hier by die skooltjie het vir my ‘n vreugdevolle verrassing gewag. ‘n Paar families wat weer vir die Kakies aan die vlug was, het vir ‘n dag of drie met hul waens hier vertoef. Ek loop toe weer my nooientjie, die pragtige sewentienjarige Annie Venter, my verloofde, raak. Sy was bekend as Mooi Annie. Ons sou seker al teen hierdie tyd getroud gewees het, maar die uitbreek van die oorlog het my planne in die wiele gery, sodat dit maar eers na die vredesluitng kon plaasvind.

Daardie vorige middag toe ons kommando na Rietvlei deur die rante die vyand tegemoet trek, het Hendrik Diederiks met sy seuns en skoonseuns stilletjies agtergebly met die doel om na die slag verby is, op die gevegsterrein na hartelus te kom buit. Hulle het natuurlik gereken dat ons die Engelse troepemag op die vlug sou jaag en wou toe agter die vegtende burgers aan, hul kans waarneem. Toe die vyand van Rondawelskraal af na Kleinfontein-nek beweeg, het hulle op ‘n veilige afstand

agterna gekom en verskyn toe op die toneel pas nadat ons reeds laat spaander het, waarop die Kakies hulle begin lood oplê sodat hulle ‘n vinnige aftog moes blaas, sonder enige buit.

Nieteenstaande ons gevoelige lewensverlies, kon ons onsself darem troos met die ryk buit van ‘n stuk of vyf-en-twintig volgelaaide waens en ‘n groot aantal muile en perde.

Veldkornet Van Tonder is intussen as kommandant aangestel.

By die ambulans van ons kommando was ene dokter Van der Merwe wat voor die Oorlog op Lindleyspoort gewoon het. Dit word vertel dat hy in die Oorlog sy woning eenkeer besoek het en toe ‘n swarte heerlik aan die slaap in sy bed aangetref het. Hy het die oortreder toe glo ‘n entjie teen die rant uitgeneem, aan ‘n boom vasgebind en keel afgesny! Vir die waarheid hiervan kan ek egter nie instaan nie, maar ons het opgemerk dat ‘n gewonde Kakie van hom as ambulansdokter maar deurgaans onsimpatieke behandeling ontvang het. Dit was gewoonlik die moeite werd om na sy gereelde kommentaar oor die Engelse nasie te luister.

Ons het ook ‘n veldprediker gehad, ‘n meneer Roux, wat sendeling van ons kerk te Mabieskraal was. Gedurende die laaste gedeelte van die Oorlog het hy en sy jong seun, Jerrie, met ‘n ligte verewaentjie (spider) en twee perde pal by ons in die veld gebly, maar het dikwels van die een kommando na die ander gegaan en het dikwels dienste vir die burgers gehou.

As daar ‘n berig kom dat die Engelse in aantog was, gee hy haastig aan sy seun bevel: “Jerrie, gee die spaaider olie en draai vas die moere!” Nie lank daarna nie jaag hulle dan wild oor die vlaktes, oor klippe en deur slote om buite bereik van die vyand te bly.

By die kommando van generaal Kemp was ook nog ‘n ander veldprediker, proponent Naudé. Op Sondae, wanneer die vyand ons nie lastig geval het nie, het ons gewoonlik ‘n entjie van die laer af gegaan om Bybelstudie te doen met mnr Naudé as leier. Hierdie godsdiensoefening het vir ons in ons beproewing baie beteken want dit was ‘n tyd waar al ons hoop op uitkoms alleen op die Hoërhand gevestig was.

Mnr Naudé was egter nie net ‘n blote prediker nie maar hy het wakker aan al die gevegte deelgeneem. Later het hy sy ervarings opgeteken in sy boek “Vechten en vluchten van Beyers en Kemp.”

* * * *

‘n Jaar vantevore is my moeder met vyf kinders, deur die Engelse gevang en na Mafeking se kamp gestuur. Een van my vader se bure, Piet Wolmarans, het hulle in hul veilige skuilplek in die kloof gaan opsoek, nie ver van ons woning af nie en hulle toe wysgemaak dat die Engelse besig was om elke kloof en krans te deursnuffel en al die vroue wat nie by hul huise was nie, sou vang en aan die swartes sou oorlewer. Hulle sou dan besluit het om die vroue wat in hul huise was met rus te laat. My moeder het seker sy verraderlike wolhaarstories geglo. Hulle het toe huis toe gegaan, waar die Kakies hulle kort daarna kom vang en weggeneem het.

Vantevore het Wolmarans op die plaas kom kos soek en toe hy niemand daar aantref om iets aan hom te verskaf nie, het hy tot hierdie daad oorgegaan. Sy eie familie het egter veilig in die klowe weggekruip. Waar my moeder hulle geskuil het, kon geen perderuiter heen deurdring nie en die grot was baie goed beskut teen vyandelike oë. Na die Oorlog het ons ons klere en ander artikels wat ons daar gebêre het in onbeskadigde toestand daar gaan terughaal.

Een van die vroue wat so vasberade in die klowe rondgevlug het om uit die hande van die vyand te bly, was tant Martha van Niekerk, die vrou van kommandant Louw van Niekerk van Groot Marico. Hulle het op Doringkraal gewoon. Wanneer sy agterkom dat die vyand besig is om haar werf te nader, het sy gereeld met die kinders teen die ruie rant vlak agter die huis uitgevlug en tussen die digte bosse weggekruip.

Op ‘n sekere dag het dit weer gebeur maar klein Louw, haar jongste seuntjie van skaars twee jaar oud, huil aanhoudend totdat sy moeder naderhand uit radeloosheid en uit vrees dat die Engelse hom sou hoor, begin plan maak het om hom dan maar teen wil en dank keelaf te sny, want sy het geredeneer dat dit beter sou wees om slegs een oudjie af te gee as om almal spoedig in die kamp ‘n gewisse hongerdood tegemoet te laat gaan!

My vader was nog steeds by ons in die veld. ‘n Klompie van ons wat nie meer familie tuis gehad het nie, het soms wanneer ons afgelos word om ons perde ‘n paar dae te laat rus, saam in ‘n leë huis gaan vertoef. By hierdie geleenthede het ons dan ons koring wat die vyand nog nie verniel het nie, geoes en met die perde uitgetrap, dit in beesvelle toegewerk en in die klowe gaan bêre.

Dan het ons ook sommer die geleentheid benut om ons perde se hoefysters na te gaan en ons skoene te versool of om nuwes te maak. Hier en daar het ons nog ‘n smit gehad wat êrens ‘n blaasbalkie weggesteek het en dus vir ons hoefysters kon maak. Ons het dit met selfvervaardigde spykers aan die perde se hoewe geheg. Ons het die spykers gemaak van die dik draad waarmee ons telegraaflyne vroeër gespan is, maar wat kort voor die Oorlog deur dunner koperdraad vervang is. Hierdie nuwe draad het die Engelse gedurende die Oorlog tydens hul vernielingswerk geknip. Hiervan het ons weer spykertjies gemaak om ons skoene mee te versool.

Onderwyl ons klompie in die Vrystaat was, het daar in ons afwesigheid ‘n paar veldslae plaasgevind waarby ons toe natuurlik nie teenwoordig kon wees nie, soos die slag van Moedwil aan die Selonsrivier en Tweebosch waar lord Methuen gewond en gevang is.

By laasgenoemde geveg het ons mense ‘n goeie klompie muile en perde gebuit. Burgers wat toe nie perde besit het nie, moes toe van die muile onder die saal leer. Dit was vermaaklik om hulle te sien spring. Daar was ‘n muil wat besonder wys was en elke man wat dit gewaag het om hom op te klim baie gou weer op die grond laat beland het. Uiteindelik kom daar ‘n sekere Botha aangestap en sê: “Gee hom ‘n bietjie hier vir my.” Hy spring op en die muil begin te spring en te skop asof sy lewe daarvan afhang maar die ruiter bly bo. Die geskud en geruk was egter só geweldig dat hy nog verskeie dae daarna bloed gespuug het.

Die hensoppers wat by die Engelse aangesluit het, het hulle die taktiek geleer om ons vroeg in die oggend op die

plek waar ons geslaap het, op ons nugtermaag te oorval. Op hierdie wyse het die vyand daarin geslaag om kommandant Alberts aan die begin van Februarie 1902 met ongeveer honderd burgers op die plaas Suurfontein te omsingel onderwyl die manne nog almal vas aan die slaap was. Hul gespande perde het ‘n entjie daarvandaan gewei.

Toe die burgers die dreuning van die aanstormende Kakieruiters hoor, het hulle haastig opgespring en hulle dapper teen die oormag verdedig maar hulle moes feitlik almal later noodgedwonge oorgee. Net ‘n paar kêrels het daarin geslaag om op perde van die vyand te ontsnap en weer by ons kommando aan te sluit. Gelukkig het byna al Alberts se perde weer by ons uitgekom.

Twee van my neefs, Willie Botha en sy jonger broer Lewies, was onder die paar gelukkiges wat nie gevange geneem is nie. Hulle het in een van die leë huise daar naby geslaap. Toe hulle die rumoer hoor en by die deur uitloer, spring ‘n paar Engelse vlak by hulle af. Willie fluister: “Kom!” en spring kaalkop en sonder baadjie met sy kort leemetford en sy patroonband by die Kakies verby met Lewies kort op sy hakke. Dit dreun toe rondom soos die ander burgers veg. Willie sleep sy geweer agter hom aan in die rigting van die gespande perde wat toe verbouereerd heen en weer hardloop. Die twee probeer om van die perde te vang, maar kan nie een daarvan tot bedaring bring nie. ‘n Aantal Engelse probeer ook om van die perde in die hande te kry. Willie en Lewies keer een kant en ‘n Kakie aan die ander kant. Dan merk laasgenoemde dat hy met ‘n Boer te doen het en skree: “Hands up!” Willie hou die een hand op en hou sy geweer in die ander. Dit wemel egter van die Engelse tussen die perde. Die Kakie skree aan ‘n makker: "Take

the prisoner here!" en probeer weer om ‘n ander perd te vang.

Meteens gewaar Willie hul eie twee perde tussen die ander en roep hulle paaiend op die naam, waarop die twee gehoorsaam vir hul base gaan stilstaan. Hulle maak gou die span los en sit die halterrieme in die bek en spring op.

‘n Entjie verder sit ‘n Engelsman onder ‘n perd om sy span los te knoop. Willie haak in die verbygaan die perd se toom in sy arm en die twee laat vat so al wat hulle kan. Alhoewel bloots, met kaalkop en sonder baadjies, kom hulle veilig by ons kommando uit met die Kakieperd by, waarop ‘n goeie saal, komberse en saalsakke vol patrone was.

So is ons geledere weer met omtrent ‘n honderd man uitgedun, maar gelukkig het ons darem hul perde behou. Ons het hulle aan burgers wat nie rydiere gehad het nie, uitgedeel.

WEGKRUIPERTJIE OP DIE HOËVELD (17)

Ons getal burgers onder komdt Van Tonder het aansienlik vermeerder deur die toevoeging van ‘n klompie burgers wat muile ontvang het en ook deur vk Breedt se manne wat by ons aangesluit het.

Hierna het ons kommando’s onder genls De la Rey, Kemp, Celliers en Liebenberg na die Hoëveld beweeg. Die Engelse het die gewoonte gehad om vanaf Oktober tot Mei na die Hoëveld te versit weens die perdesiektegevaar in die boswêreld gedurende hierdie tyd. Alhoewel ons perde beter teen die siekte as dié van die vyand bestand was het ons dit gerade geag om saam met hulle daar te gaan rondboer en om so’n bietjie wegkruipertjie met hulle te speel.

Die Engelse het op Klerksdorp groot magte saamgetrek met die bedoeling om hul laaste blokhuislyn vanaf Klerksdorp oor Lichtenburg en Mafeking te voltooi, om sodoende ons verbinding met die Vrystaat af te sny. Dit was dus noodsaaklik dat ons ook Hoëveld toe versit sodat ons die vyandelike magte aldaar so lastig kon val dat hulle in die uitvoering van hul planne gestrem word.

Ek en ‘n paar van my maters wat goeie perde besit het, is deur komdt Van Tonder aangestel as sy adjudante. Ons het rus-rus die Hoëveld ingetrek totdat ons tussen Klerksdorp en Wolmaransstad was. Ons het gereed gemaak om ‘n rukkie daar aan die grootpad te vertoef en die kat uit die boom te kyk.

Die Engelse was van ons teenwoordigheid bewus. Dit het ons onrustig gestem, want die vyand het gedurig probeer om onder aanvoering van verraaiers en hensoppers verrassende nagtelike aanvalle op ons kommando's te doen, soos met kmdt Alberts gebeur het.

Ons het te Sendelingfontein, aan weerskante van die grootpad in verspreide geledere 'n paar dae lank stil gerus. Ons perde en veral die muile het dit baie nodig gehad.

Onderwyl ons hier vertoef het, het pres Steyn, genl De Wet en ds Kestell ons 'n besoek gebring. Weinig van die burgers het daarvan geweet want die moontlikheid dat hulle teenwoordigheid hier, aan die vyand bekend kon word, was groot. Die Engelse het dikwels groot somme geld beloof aan die verraaier wat dit bewerkstellig dat daar Boeregeneraals of leiers in hul hande val.

Ds Strassheim, 'n Vrystaatse predikant wat saam met die burgers geveg het, het op Sondag toe ons daar saam was, aan ons groot gemeente 'n bemoedigende preek gelewer. Ons het steeds getrag om die Sabbat te eerbiedig en stil deur te bring, maar die vyand het dikwels sy kans waargeneem om ons rus op Sondae te versteur.

Ons het nooit snags nagelaat om op strategiese punte wakker brandwagte te plaas nie en kon dus taamlik gerus slaap met jou kop teen die saal wat as kopkussing moes dien. So lê ons die laaste nag te Sendelingsfontein aan weerskante van die pad nog houtgerus en slaap toe iemand omstreeks tweeuur in die nag komdt Van Tonder wakker maak en meedeel dat die Engelse tussen ons was! 'n Groot vyandelike mag was werklik besig om tussen ons deur met die grootpad langs te trek. Waarom ons dit nie

eerder agtergekom het nie bly vir my 'n raaisel. Hulle het egter sonder veel geraas getrek want die pad was los en sanderig.

Later sou ons vasstel dat die brandwagte wat die pad moes dophou, die ruiters wel deeglik gesien nader het, maar glo bang was om 'n vals alarm te gee omdat hulle dan nie seker was of dit werklik Engelse was nie. Hulle het 'n entjie van die pad af gewag tot die vyand verby is en toe agterna gekom en darem die heel agterste ou Tommie gevang. Maar toe was dit reeds heeltemal te laat om ons te waarsku omdat die meeste Engelse al amper tussen ons deur was.

Ek en 'n paar van my maters het sommer gou ons perde wat gespan was in die hande gehad, maar ons moes eers versuim tot almal gereed was. Ons hoor kort-kort vorentoe sarsies val. Ons kommando's is deur die vyand in twee gesny. Van Tonder trek links deur die veld in dieselfde rigting as wat die Engelse gaan. Die maan is lig.

Aan ons regterkant lê 'n streep rantjies. Kort-kort sien ons 'n klomp perderuiters van die een rant na die ander jaag, want die vyand verkeer onder die indruk dat die Boere in die rantjies moes wees.

'n Paar keer gebeur dit met ons dat jy jou maat langs jou goed bekyk en dan tot jou ontsteltenis gewaar dat dit 'n Kakie is. Dan swenk jy maar stil eenkant toe en koers weer na 'n ander groep. So het ons darem naderhand weer klompies-klompies by mekaar uitgekom.

Toe dit die môre vroeg duskant Wolmaransstad begin lig word, swaai ons regs oor die pad om weer by genl Kemp

uit te kom want ons wis dat hulle aan die regterkant van die pad moes wees. ‘n Entjie verder sien ons links van ons teen ‘n bult ‘n aantal ruiters in groepe saamgetrek wat teen die opkomende son soos groot rooi krale teen die bult vertoon. Dit was die vyand wat ons inwag.

Hulle sien ons verbytrek en kon nie dadelik uitmaak of ons Boere of Engelse was nie. Daarop stuur hulle ‘n spioen om te kom verken. Ons stuur ‘n burger om hom tegemoet te ry en hy bring die Kakie saam met hom terug. Hulle stuur egter ‘n tweede een wat ons ook in die hande kry, terwyl ons intussen veld wen.

Toe die vyand sien dat hul tweede man ook nie terugkom nie, trek hulle hul rooi krale uitmekaar. Hulle sit ons agterna maar ons was toe darem al ongeveer vyf kilometer voor. Toe moes ons laat draf dat dit gons! Die ellendige muile waarmee ‘n groot aantal van die burgers moes aansukkel, kon eenvoudig nie vinniger as op ‘n goeie draf voortvlug nie.

My poon Vêrplie, het die snuf in die neus gekry dat daar iets buitengewoons aan die gang was en ek moes hom net vashou om nie gou-gou onder die muile uit te gly nie. Vir my eie veiligheid was ek dus nie ongerus nie, maar ek het gevaar vir die muilruiters gesien. Dog die Kakies kon nie of wou nie probeer om ons in te haal nie en later in die dag het ons al drawwende van hulle ontslae geraak. Hulle het op ‘n bult halt geroep en ons het op die volgende bult tot stilstand gekom. Ons kon hulle nog daarvandaan sien, maar het toe daar afgesaal.

Hier het ‘n eienaardige voorval plaasgevind wat ons lelik die skrik op die lyf gejaag het. Bokant ons koppe het ‘n

groot los wolk gehang, maar die son was baie warm en die drukkende atmosfeer het ons vermoeienis nie verminder nie. Elkeen was juis besig om lui ‘n ietsie te eet toe daar meteens vanuit die wolk ‘n harde dreuning gehoor word en ‘n oorverdowende slag ‘n entjie van ons af teen die grond neerslaan, vergesel van ‘n digte stofdamp en enkele reusagtige haelstene.

Die klomp gekniehalterde perde skrik en sit in die rigting van die vyand op loop. Benoud saai ons agter hulle aan, maar gelukkig het die wolk en hael vinnig verder getrek sodat die perde spoedig weer tot bedaring gekom het en ons hulle kon vang. Die vyand het gelukkig niks van ons verleentheid opgemerk nie.

Dieselfde aand kom Lewies Taljaard by ons aan met die tyding dat die Engelse ons kar met al ons kos daarop gedurende die vlug gebuit het. Hyself moes laat spaander om vry te kom. Die volgende dag was ons egter verbaas om ‘n ander burger daar aangery te sien kom met dieselfde kar wat hy êrens met muile en al sien staan het en dit toe saamgebring het. Dit blyk toe dat Lewies tydens die vlugtery voor ‘n draadheining bly steek het en nie kans gesien het om die drade gou los te kry nie. Hy het toe maar haastig voet in die wind geslaan.

Watter teenstellings in die gedrag van mense het ons nie gedurende die Oorlog ervaar nie: Die een kom na die Engelse toe met al wat hy besit; die ander laat alles wat hy by hom het in die steek om van hulle af weg te kom! Waarom die vyand die kar nie weggevoer het nie, kon ons nie verklaar nie.

‘n Paar dae later kom ons vroeg die môre, net toe dit begin lig word, op Brakspruit aan en saal daar af. Ek en ‘n maat van my ry na ‘n mielieland om groenmielies te pluk terwyl die ander kêrels besig was om pap te maak en vleis te braai. Onderwyl ons nog daarmee besig was, sien ons hoe die Marico-koskarre uit die bosbult wat bokant ons lê, by ons verbyjaag. Ons bespeur onraad want kort op hul hakke hoor ons die leemetfords praat. Dit was die voorhoede van ‘n groot vyandelike mag wat besig was om generaal Liebenberg te agtervolg wat nou so onverwags op ons afkom.

My maat en ek bereik ons manne net toe hulle in die saal spring. Genl Kemp skree: “Maak oop en ry uitmekaar!” waarna ons vinnig uitmekaar spat om nie in ‘n bondel vir die vyand tot skyf te wees nie.

Jan Botha, wie se waaghalsigheid ek reeds al beskryf het, was net besig om vir ons klompie ons groot kampsketel vol pap te maak toe die vyand ons verras. Hy spring op sy perd met die pot pap in die hand en jaag voort. Die honger het ons reeds kwaai geknyp en af en toe ry een van ons hom by en skep ‘n groot handvol om dadelik weer al etende weg te swenk!

Genl Kemp sien ons speletjie raak en skree weer:”Uitmekaar kêrels!” want die vyand was besig om ons van agteraf lood op te lê. Vir ons groepie het hierdie versterking egter baie beteken want ons het die res van die dag nie weer kans gekry om iets te eet nie..

Ons jaag in verspreide orde regs van die pad ‘n klompie doringbome binne en begin die voorhoede van die vyand terug te peper. Ons gewaar egter aan ons regterkant ‘n

sterk kommando wat probeer om agter ons verby te steek. Ons verkeer onder die indruk dat dit Engelse was en val terug, waarop die Kakies in die bosbult weer nuwe moed skep en begin om ons onder die bomme te steek. Die burgers jaag haastig voort tot op ‘n bult. Kmdt Van Tonder ry egter op ‘n stap, vergesel van sy personeel.

Piet Trichardt, bygenaamd Vaal Piet, wat daarin geslaag het om sy muil vir ‘n perd te verruil het by ons adjudante aangesluit en maak nou die eerste keer werklik kennis met die Engelse bomme. Ons ry een-een, los van mekaar af om te verhoed dat ‘n bom twee man tegelyk tref. Piet ry naaste aan my. Daar bars ‘n bom vlak voor ons. Hy draai na my toe en trek sy perd langs myne en sê: “Hansie ou broer, jy moet tog dat ons na mekaar kyk.”

Ek sê: “Ja man, maar ry verder van my af!”

Na ‘n rukkie kom hy maar weer nader en herhaal sy uitsonderlike versoek. Hy het niks van hierdie vlugmetode gehou nie en jaag toe maar vinnig agter die ander burgers aan wat al ver voor ons was.

Ek gewaar ‘n hele entjie van ons af ‘n ruiterlose perd en ry daarheen om te sien wat gaande was. Die teuels hang op die grond en ek herken die perd as Koos Opperman s’n, een van ons beste kêrels. Ek trek die dier langs myne en begin weer ry om my maats in te haal. Die perd makeer niks nie en ek het gewonder wat dan van Koos geword het. Hy was toe alreeds al by die ander burgers, kaalkop en met ‘n rooi streep deur die hare, waar ‘n vyandelike koeël hom naelskraap aan die kop geraps het. Hy moet toe seker van sy perd afgetuimel het en toe hy weer effens regkom, maar so vinnig as wat sy bene hom kon dra, op

loop gesit het, onbewus van die feit dat sy ryperd nog steeds naby hom rustig staan en wei.

Op die bult waar ons die ander burgers aantref, kom genl De la Rey by ons aangery. Die kommando wat ons vir Engelse aangesien het, was dié van genl Liebenberg wat aanvanklik deur die vyand agtervolg is.

Jan Botha het nog steeds, ten spyte van die jaery en vegtery, ons kampketel met pap by hom gehad. Sy vader was ‘n jagter en Jan het saam met hom in die veld geleer hoe om gou ‘n smaaklike ete te berei. Daarom het hy gewoonlik vir ons as kok diens gedoen. Ons het eenmaal ‘n baie vet skaap geslag en nadat elkeen van ons hom behoorlik teë geëet het aan die vetterige vleis, sit Jan nog groot hoeveelhede vetkaiings en verswelg onderwyl hy lepelsvol uitgebraaide olie uit die pot skep en dit saam verslind, want die kaiings was dan na sy smaak heeltemal te droog!

Jy kon hom sy groot eetlus ook nie kwalik neem nie want dit het nie al dae gebeur dat ons op kommando soveel kon eet as wat ons wou nie en ons moes soms maar die lyfgordel baie stywer trek.

Dit was nou alreeds die einde van Maart 1902.

BRAKSPRUIT (18)

Die Engelse het intussen hul kamp rondom die werf op Brakspruit opgeslaan. In die huis was nog ‘n vrou met ‘n paar kindertjies wat toe geheel en al deur die vyand omring was.

Nadat die kommando’s van genl De la Rey en genl Liebenberg by ons magte aangesluit het, het ons planne beraam om die vyandelike kamp op Brakspruit te gaan oorrompel.

Ek was een van kmdt Van Tonder se adjudante en was dus teenwoordig toe generaal De la Rey aan Van Tonder kom bevele gee wat naastenby so gelui het: “Kommandant, laat jou manne bymekaarbring.” Die burgers het orals op die bult in groepies verspreid gestaan. “Laat hulle vyf tree van mekaar af regstaan vir die aanval. Ek sal die kanonne hier agter julle op die bult laat bring om die laer te bestook. Ek gaan nou dadelik na Liebenberg om sy burgers ook reg te stel en as alles daar gereed is, sal ek die sein aan die kanonne gee om los te trek. Wag dan tot julle sien die perderuiters begin uit die kamp vlug en dan storm julle.

Met hierdie plan wou generaal De la Rey dat ons eers met ons grofgeskut die vyand op loop jaag voordat ons perdekommando met hulle begin afreken. Ons het sy bevele gehoorsaam en alles in gereedheid gebring. Ons het die manne volgens voorskrif laat regstaan en staan toe op verdere bevele en wag.

Hier het ek die dag gesien dat ‘n mens ‘n voorgevoel van naderende onheil kon hê. Gert Roets van Pilansberg was

nie juis ‘n bang man nie, maar toe ons die perde regstel, bemerk ek dat hy met sy muil agterbly. Ek vra hom toe waarom hy nie kom regstaan nie. Sy verskoning was dat sy muil kapot is. Maar hy het toe tog maar by die linie aangesluit.

Generaal De la Rey was nog nie eers by Liebenberg oorkant op die ander bult nie, toe kom generaal Kemp by Van Tonder en sê aan hom: “Jy moet na my kyk; as ek storm, dan kom jy.”

Ons ontvang dus nou weer nuwe bevele. Generaal Kemp was aan ons regterkant en generaal Liebenberg op ons linkervleuel. Kommandant Van Tonder was met ons kommando in die middel.

Skaars was generaal Kemp by sy manskappe terug of ek sê aan Van Tonder: “Kyk daar wat maak generaal Kemp!” Hy storm toe al, nog lank voordat die kanonne enigiets aan die Engelse kamp kon doen en voordat generaal Liebenberg se burgers gereed was.

Die Engelse was in besit van al die voordeligste stellings soos die woonhuis, die kraal en die spruit wat daar verbygeloop het.

Ons kom oor die kaal vlakte aangestorm en ek sien terloops dat die muil van Gert Roets eerder dwing om ons ander uit te loop en dit dus nie vir ons adjudante nodig was om hom aan te dryf nie, maar Gert lyk egter taamlik bleek.

Ons het onder volle bestoking van die vyand nader gejaag en naderhand afgespring, terwyl ons voor ons perde op die

kaal veld gaan lê het om die Kakielaer te koeël. Hier het ons die vyand se bomme en koeëls ten minste vier uur lank verduur sonder om enige hulp van generaal Liebenberg se kant af te ontvang.

Waar ek en my maat Johannes Joubert gelê het, moes ons voortdurend onder ‘n pompom se bomme deurloop. Hierdie snelvuurkanon van die vyand het in die kraal, wat met hoë garingbome omsoom was, gestaan. Die pompom kon alleen deur die hek van die kraal skiet omdat die heining te hoog was en ons was vir hom net mooi reg onder skoot. Ons uiteindelike ontkoming was wonderbaarlik want weerskante van ons was naderhand amper geen perd of muil wat nog nie deur die bomme getref is nie, behalwe ons eie twee perde. Ons het egter noulettend gesorg dat ons perde nie dwars staan nie en het hulle telkens wanneer ‘n bomsarsie verby was, met die koppe na vore reggetrek. In hierdie posisie is so ‘n dier maar ‘n smal teiken wat nie sommer getref word nie.

Links langs ons tref die stukke van ‘n barstende bom ‘n jongman Fanie Viljoen in sy bene en skeur die vleis en senings daarvan pynlik oop. Kort daarna sien ek weer hoe ‘n bom vanuit die garingkraal ‘n entjie van ons af bars en Gert Roets in die nek tref. Hy was oombliklik dood.

Die burgers van generaal Kemp op die regtervleuel was teen hierdie tyd al ‘n goeie ent nader aan die Engelse as ons en hulle was net so onbeskut teen die vyandelike bomme. ‘n Aantal van sy burgers, waaronder my neef Willie Botha was wat vroeër by Suurfontein ontsnap het, was besig om ‘n aantal Engelse te oorrompel en te ontwapen. Willie sien dat een van die Kakies ‘n paar gawe skoene aan het en probeer inderhaas om dit in besit

te kry onderwyl hy nog op sy perd sit en die Engelsman op die grond lê en koes teen sy eie makkers se koeëls. Die Tommie gaan sit regop en probeer om die skoene los te knoop, maar die riempies het van die oggenddou hard geword en voordat hy daarin slaag om hulle los te knoop, hoor hy al weer ‘n bom aankom en dan val hy gou-gou weer plat.

Willie skree dreigend op sy slagoffer, want hyself verkeer in nog groter gevaar. Toe roep die Engelsman wanhopig uit: “Give your knife!” Met behulp van Willie se knipmes, sny hy die riempies haastig deur, pluk die stewels uit en gooi dit vir hom!

Toe die son al byna onder was, hou ons aan albei kante op met veg. Dit was of selfs die vyand van die aanhoudende bombardement sat was. Die vrou wat in die plaashuis was, het later vertel dat die Engelse offisiere wat almal daar vergader was, op die punt gestaan het om oor te gee. Maar ons het natuurlik daar niks van geweet nie. Ons staan op, haak die teuels in die arm en lei die perde voort onderwyl ons loop en pyp stop om te rook. Alhoewel ons baie moeg was, het ons gesorg dat ons ‘n veilige afstand van die vyand af wegkom voordat ons gaan slaap het.

Ons het die volgende dag ons dooies tydens ‘n aanhoudende reën op een van die plase begrawe. Nieteenstaande die heftigheid van die vyandelike bombardement, het ons maar ses man verloor.

Daarna het ons verder getrek. Die middag saal ons op ‘n kaal bult af om die perde ‘n bietje te laat blaas. Daar kom toe ‘n burger aangery met ‘n swart perd in die hand. Dit blyk toe dat dit vk Andries Els se perd was wat hy tydens

die geveg naby die garingboomkraal agtergelaat het nadat ‘n bomstuk die dier getref het. Die perd het daar oënskynlik dood gelê, maar nadat die slag verby was, het die burger hom daar springlewendig en sonder enige sigbare letsels aangetref en saamgebring!

Hier op die kaal bult waar ons afgesaal het, was geen flentertjie hout te kry nie. Maar ek het geweet hoe ons onder soortgelyke omstandighede vroeër in die Vrystaat, waar ek gebore is, ‘n vuurtjie aan die gang gemaak het. Ek maak toe ‘n gaatjie aan die kant van ‘n miershoop en ‘n holtetje bo-op vir my kampkatrolletjie. Ek kry darem ‘n paar droë stokkies en grassies bymekaar, plaas dit in die holte aan die kant van die miershoop en steek die boeletjie aan die brand.

My maats vra:”Wat doen jy nou?”

Ek sê: “Ek gaan nou kosmaak.”

Die miershoop self raak spoedig aan die brand, want die rysmiere het elke holtetjie en gangetjie met droë grasstukkies gevul. ‘n Mens verbaas jou vir die hitte wat bo uitkom en in ‘n ommesientjie kook die water. ‘n Rukkie daarna sien jy orals op die bult die rokies opkrul. Die klomp bosvelders het iets nuuts geleer!

Hiervandaan het ons verder getrek onderwyl die reën weer aanhoudend begin neersif. Laat die middag saal ons weer op ‘n plek af waar darem‘n bietje hout te kry was en ons was net besig om ons nat klere te droog toe die fluit weer vir opsaal blaas. Dit was in die jongste tyd ons gewoonte om nie te slaap waar die donker ons vang nie maar om

nog ‘n hele entjie gedurende die nag te versit, ten einde die vyand te flous.

Ons trek in een van dié soort plaaspaaie wat net uit twee uitgetrapte strepies langs mekaar bestaan. Die pote van die lang rye perde omskep die waterplasse in die pad in ‘n papperige klei. Jou maat se perd langs jou spat die modder orals langs jou bene op en besmeer die hele een kant van jou lyf.

Daardie nag het ek en my maat nooit geslaap nie. Die veld waar ons uiteindelik ‘n lêplekkie gaan soek het, was net die ene water waar jy ook al in die donker rondvoel. Ons het sommer in die water gaan velling lê of lepel lê soos ons dit ook genoem het. Hans Joubert kon dit naderhand nie meer hou om met sy bene so krom te lê nie en het by my begin neul dat ons ‘n slag weer moes omdraai wat ek nou ten enemale nie wou doen nie. Al antwoord wat hy uit my kon kry was: “Ek steek nie my ander sy ook in die water nie!”

So het ons maar die heelnag wakker gelê totdat dit begin lig word het. Nadat die son deurgekom het, kon ons darem weer ons klere droogmaak en het die wêreld nie meer so stroef daar uitgesien nie.

ROOIWAL (19)

‘n Paar dae na hierdie onaangename nag aan die begin van April 1902, moes generaal De la Rey na Klerksdorp gaan om saam met ander lede van ons regering met die Engelse oor vredesvoorwaardes te gaan onderhandel. Toe hy by ons verbyry, sê ons aan hom: “Generaal, julle moet vrede maak.”

“Moet ek die land vir die Engelse gee?” vra hy.

“ Nooit nie!” roep almal eenparig uit.

Ons het toe ‘n paar dae daar rondgetrek om die Engelse in die war te bring oor waar ons ons bevind.

Op ‘n dag toe ons nog houtgerus teen die saals lê en gesels, hoor ons die fluitjie vir opsaal blaas. Dit was so naastenby twee-uur in die middag. “Nou waar nou heen?” het ons vir mekaar gevra.

Gewoonlik word aanvalsplanne, soos deur die offisiere besluit, nie rugbaar gemaak nie weens vrees vir verraad en ook omdat daar nog steeds by ons persone was wat gewoonlik gedurende sulke tye stilletjies van die toneel verdwyn het. Maar as hulle niks van ‘n voorgenome aanval weet nie, was daar kans vir ons adjudante om sulke halfhartiges se rydiere met ons horsswepe by die linie te hou.

Ons het die hele middag aaneen getrek. Teen sononder het ons die perde ‘n bietje laat blaas en daarop weer bykans die heelnag deur maar vorentoe gebeur tot kort voor dagbreek, waarop ons toe met die perde se tooms in

die arms gehaak, ‘n rukkie lank gelê en rus het. Die afstand vanwaar ons die vorige middag weg is tot hier op Rooiwal, was seker nie minder as vyftig kilometer nie.

Toe dit lig word het ons weer vertrek en het soos gewoonlik op ‘n lang streep agtermekaar gery, in ‘n laagte wat in die rigting van Hartsrivier kronkel.

Die son was net op toe ons bo-op ‘n bult aan ons regterkant enkele koppe tevoorskyn sien kom. Een van die vreemde ruiters ry ons tegemoet en ons stuur ‘n burger in sy rigting. Skielik spring die persoon om, maar ons man was gereed en piets hom uit die saal. Dit was ‘n swarte. Ons wis toe dat die Engelse agter die bult moes wees.

Ons word onmiddellik in slagorde opgestel. Eers moes die karre onder ons uit en die bevel kom toe om man vir man soos ons staan net reg te draai. So vorm ons toe ‘n lang, reguit aaneengeslote linie, gereed om oor die bult te storm maar onbewus van wat agter die bult vir ons wag en sonder enige kennis van die terrein of van die vyand se getalsterkte aldaar.

Ons Rustenburgse kommando was soos gewoonlik reg in die middel van ons lang linie, onder bevel van kommandante Van Tonder en Potgieter. Ons jaag die bult reg voor ons uit in ‘n reguit lyn. Toe die flanke die Engelse kamp agter die bult kon sien, begin hulle met ‘n stadige boog te swaai.

Die Engelse begin huiwerig op ons te skiet, want hulle kon seker nog nie vasstel of ons werklik Boere was nie. My maat Johannes Joubert, sê aan my dat sy perd reeds ‘n

koeël gekry het. Ek kyk en sien dat die perd in sy gang begin verswak en beduie vir hom om terug te gaan.

Onderwyl ons die Engelse kamp vinnig nader, begin ons uit die saal te vuur. ‘n Gedeelte van die burgers op ons regterflank is spoedig by die vyandelike voertuie, waar die Kakies haastig retireer, maar waar ons kommando in die middel reg op die kamp afstorm, loop ons ons vas in ‘n hewige vuurgordyn. Daar was nou nie meer kans om rond te kyk om te sien wat elders gebeur nie, want ons het so te sê op die sentrum van die kamp gestuit.

Ongelukkig skyn die son – wat toe pas op was – reg in ons gesigte sodat ons nie in staat was om die afstand tussen ons en die vyand sekuur vas te stel nie, maar op ongeveer honderd tree van die kamp af blits die Engelse kanonne en kleingeweervuur meteens so hewig om ons dat die omgewing donker word van die stof. Vlakvoor ons in ‘n graansorghumland verskuil, lê ‘n Kakievoetgangermag wat toe nog steeds vir ons onsigbaar was. Ek sien om my heen temidde van die helse lawaai, net manne en perde neertuimel en besef op daardie oomblik dat al uitkoms miskien nog ‘n vinnige aftog kon wees. Elke man wat nog leef handel op eie houtjie en probeer om so vinnig as moontlik onder die vuurreën uit te kom, dog Vêrplie my perd staan en bewe asof hy aan die grond vasgenael is.

Plotseling kry ek twee koeëls feitlik tegelyk, een deur my linkerarm en die ander deur die linkerkant van my nek, wat my amper van die perd af laat neertuimel. Ek gryp die teuels in die ander hand en draai die perd om weg te kom, maar hy staan verbouereerd en kyk na die stof van die koeëls wat om ons neerslaan, want so’n bombardement het hy nog nooit belewe nie.. Eindelik kry

ek hom aan die stap en al hoe verder ons gaan, verbeter sy pas. Hierdie paar minute het vir my soos ‘n ewigheid gevoel. Die koeëls fluit nog aanhoudend deur die lug

Toe word Vêrplie uit sy hipnotiese toestand wakker en slaan ysterklou in die grond so vinnig as wat sy bene kom kon dra. Toe ons uiteindelik onder die stortbui van bomme en koeëls uit is, sien ek ons ambulans op ‘n afstand ry en was van plan om eers my wonde te laat verbind. Ek hou stil en draai die perd om, om te sien wat agter ons aangaan en merk dat die vyand reeds besig was om met hul groot berede afdeling probeer om ons in te haal. Ek sien toe van my plan af en ry verder. Om my heen vlug vreemde burgers verby en ek kon geensins uitmaak wat van ons kommando geword het nie. Ek peil maar langs die Hartsrivier af tussen vreemdelinge.

Later ry ek Johannes Joubert raak. Hy ry toe bloots op ‘n handperd wat ‘n onbekende burger aan hom gegee het. Nog ‘n entjie verder kry ons ‘n ander bekende, Corneels Cronjé op sy muil. Ons drie vlug toe maar al verder langs die Hartsrivier af. Ons artillerie gaan ook dieselfde koers. Kort-kort gee een van die kanonne se muile in, waarop die stuk grofgeskut in die vyand wat ons agtervolg, se hande val. So hou dit aan tot daar naderhand nog net een kanon oor was.

My maats was bang dat die Engelse ons sou inhaal, want die kanonne waaragter hulle aan was, was maar kort agter ons. Ek het my perd egter kort-kort ingehou om op ‘n stap te ry. Dit het gladnie in hul smaak geval nie. Maar as ervare ruiter het ek goed geweet hoe om my perd se kragte die voordeligste te gebruik. Jy moet ente vinnig

jaag, maar gereeld die dier ‘n kans gee om al stappende te blaas.

Wanneer my twee maats beweer dat die Engelse al feitlik op ons is, hou ek stil en draai my perd om om te sien waar hulle werklik is, want ek kon nie meer oor my skouer loer nie omdat my nek en skouer reeds baie styf en pynlik was. Indien die vyand dan gevaarlik naby was, jaag ons weer so’n entjie onder hulle uit. Ek voel na ‘n ruk maar kragteloos en swak, maar kry gelukkig naderhand by ‘n huis van ‘n vrou ‘n bietjie koffie en voel toe gou-gou heelwat beter

Die Kakies haal uiteindelik ons laaste kanon in en ek trek Vêrplie in op ‘n stappie. My maats wou angstig weet waarom ek dit doen, want hulle was bang dat ons nou die vyand se volgende mikpunt sou wees, maar ek verseker hulle dat die Engelse niks meer as die kanonne wou hê nie en dat hulle nou sou omdraai. Dit gebeur toe ook, want ons kom veilig, met muil en al, al stappende uit. Vlak by die laaste kanon is Piet Wolmarans, my vader se buurman destyds, op ‘n goeie perd gevang omdat hy nie geweet het hoe om die beste uit sy rydier te haal nie.

Ons ry oor die volgende bult waar ons water aantref en laat ons perde drink terwyl ek die bloed van my afwas en my maats my wonde so goed as moontlik verbind. Daarop draai ons aan die anderkant van die Hartsrivier langs terug. Dit was reeds vieruur die middag en ons en ons perde was uiters moeg en honger, want ons het vier-en-twintig uur vantevore laas iets te ete gehad.

Naderhand loop ons die kommando van generaal Kemp raak, pas nadat hulle weer opgesaal het om verder te gaan.

Ons trek saam met hulle. Omstreeks middernag hou ons eers weer stil en haak die teuels in die arm terwyl ons sommer voor die perde lê en rus. Die son was skaars uit toe trek ons weer en kom elfuur by kommandant Van Tonder en die orige deel van die kommando'tjie uit waar hulle by 'n soutpan staan.

Van Tonder se verlies aan gesneuweldes, gewondes en gevangenes was daardie dag op Rooiwal ongeveer 'n sestig man. Altesaam was ons kommando's se verlies daar iets oor die veertig gesneuweldes en meer as honderd gewond. Hoeveel gevang is weet ek nie. Ek is vandag nog oortuig daarvan dat daardie verlies aan dapper manne gladnie nodig was nie, want hulle het nie in selfverdediging geval nie. Op 'n tydstip toe onderhandelinge oor vrede alreeds aan die gang was, is ons aangesê om hierdie groot Engelse troepemag, wat stil gelê het en ons nie gemolesteer het nie, te gaan aanval.

Ek sien toe dat Vêrplie begin kruppel loop en ontdek dat hy ook 'n koeël in die agterbeen tussen die sening en die been deur het. Daarop ontdek ek nog twee ander skadelose koeëlgate in my hemp en besef toe eers werklik hoe amper ek ook op die slagveld agtergebly het. Dokter Van der Merwe was nog steeds met ons ambulans op die slagveld met die begrafnis van ons gesneuweldes behulpsaam. Eers twee dae later is ons klompie gewondes verpleeg.

Intussen het ons hier naby die soutpan in 'n leë huis gelê, terwyl Koos Opperman en 'n ander burger vir ons moes sorg. Daardie nag voel ek hoe 'n Kakieluis my aanhoudend tussen die skouers byt. Die naaste wat ek aan hom kon kom, was om met my swepie se stok êrens in sy

nabyheid te tik, want my arm en my nek was só styf dat ek hom onmoontlik kon bykom. Dan hou die ellendige ding so effens op, maar netnou begin hy weer totdat ek naderhand verplig was om na Koos Opperman te roep. Onderwyl hy besig is om my uit my verleentheid te help, brom hy: "Is jy dan te ellendig om 'n ou luisie te vang?" Ek moes dit maar erken!

Ons was gedurig op ons hoede teen hierdie lastige plaag waarvoor die vyand verantwoordelik was. Hulle het dit met hul skepe van oorsee af saamgebring. Ons kon nie waag om op 'n plek af te saal waar pas tevore 'n Kakiekamp gestaan het nie. Die ou Tommies het nie moeite gedoen om die goed dood te maak nie. Hulle het gewoonlik een vir een daarvan uit die voue en nate van hul klere gesit en uitsoek en hulle nog steeds lewendig weer in die gras weggesmyt! Wanneer ons klere met die plaag besmet geraak het, het ons dit doodeenvoudig in kookwater gesteek. Dit gebeur toe mos dat 'n burger van generaal Celliers wat 'n netjies pak velklere gehad het, op 'n goeie dag sy velbroek ook gekook het, waarna die kledingstuk vir hom gans te knap was om aan te kry, met die gevolg dat hy 'n paar dae sonder broek moes rondry voordat hy weer een by die Kakies afgeneem het!

Koos Opperman wou as betaling vir sy versorging van ons gewondes van elk van ons 'n handvol okkerneute en 'n klomp droë vye hê wat ons na die vrede aan hom moes gee, want hy was glo besonder lief daarvoor. Na die Oorlog was hierdie lekkernye egter doodskaars en ou Koos het nooit sy beloning gekry nie.

DEUR DIE BLOKHUISLINIE (20)

Hier by die soutpan het ons ‘n paar dae stil gelê om ons perde ‘n bietjie te laat rus en om ons verstrooide burgers weer bymekaar te kry. Die blokhuislinie tussen Lichtenburg en Mafeking lê nog voor, want ons Rustenburgers moes nou weer vir die duur van die winter na ons wyk teruggaan.

Ons het op elkeen van die muilkarre ‘n gewonde burger gelaai want ons ambulans was maar klein. Ek is toegelaat om in die ambulans te ry omdat my perd te kreupel was om my gewig te dra en aan die hand gehou moes word.

Toe ons van die soutpan af vertrek, waarvandaan ons ook ‘n paar vragte sout saamgeneem het, wou Lewies Taljaard, wat ‘n rukkie vantevore ons kar by Brakspruit in die steek gelaat het, nie die gewonde Jan Opperman oplaai nie. Hy laat hom toe onder ‘n boom lê en ry voort. Ons was al ‘n hele entjie weg toe kommandant Van Tonder dit te hore kom. Hy draai toe om en steek Taljaard onder die sambok en jaag hom terug tot by Jan. So is Jan darem nie aan sy lot oorgelaat nie. Ons wou later by Jan weet wat hy gedink het toe ons almal voortry en hom daar laat agterbly. Hy sê toe dat hy oor niks anders gedink het nie as om sy baadjie uit te trek en onder sy kop as kussing te plaas, terwyl hy hom klaargemaak het om al die verlore slaap van die afgelope paar dae in te haal!

Ons het verkenners uitgestuur om te probeer vasstel waar die geskikste deurbreekkans deur die blokhuislinie sou wees. Uiteindelik nader ons die spul die aand so behoedsaam as ons kan. Ons mik na ‘n laagte waar twee

blokhuise taamlik ver van mekaar af staan, met die plan om tussen hulle deur te gaan.

Abie Genade, Hennie Klopper, dokter Van der Merwe en ek is by die ambulans. Ek wou toe nie meer in die ambulans ry nie want ek was bang een of meer van die muile kon raak geskiet word en dan sou ek gewis in die hande van die Engelse val. Ek kry toe ‘n handperd om op te ry. Dokter Van der Merwe ry langs my op sy geel perd aan die kant van die ambulans. Toe ons die blokhuise nader, sug hy swaar en sê: “Hansie, jy weet ‘n mens se lewe hang aan ‘n draad wat net geknip moet word.”

“Ja dokter,”sê ek, “dit is nodig om altyd gereed te wees daarvoor.”

Na ‘n rukkie begin hy weer: “Hansie, as die Engelse my dalk vannag skiet, moet julle my tog nie laat lê nie, hoor?”

“Nee Dokter, ons sal jou oplaai.”

“Dankie Hansie, en as hulle jou skiet, sal ons jou ook nie laat lê nie.”

Hennie ry te perd langs die muile met ‘n horssweep in die hand om te dryf, terwyl Abie die leisels het. Dr Van der Merwe en ek ry aan die ander kant. Dit gaan maar moeilik deur die veld, want die grond is los en die diere trek swaar aan die gelaaide waens en karre. Die perderuiters trek in twee groepe weerskante van ons, met generaal Kemp en sy personeel heel voor.

Die bevel was om te storm sodra die eerste skote val. Die maan is lig en ons gaan stil voort. Omstreeks tienuur

begin die stormloop. Nou doen elke man sy bes om nie straks agter te bly nie. Die dokter herhaal aanhoudend: “Jaag Abie, slaan Hennie, kom Hansie! Jaag Abie, slaan Hennie, kom Hansie!”

Die burgers vuur so hewig op die twee forte dat die Kakies dit op daardie oomblik nie kon waag om die kop voor ‘n skietgat te vertoon nie. Die waens en karre vorder maar stadig, dog die kommando bly op sy pos en bestook die vyand nog lank nadat die drade geknip is en almal al veilig oor is.

Dokter Van der Merwe se onrus en spanning was toe gebreek. Hy voel toe so verlig dat hy vir ‘n man wat wou voortry toe hy oor is, sê: “Gee hier jou geweer, jou meid!” en aan ‘n ander een wat ‘n wond aan sy nek kom wys: “Ag, dis sommer ‘n skrapie, loop skiet die Kakies jou papbroek!”

Ons trek toe voort en kom eers die volgende môre by Elandsputte aan. Daarvandaan vertrek ons weer na Wonderfontein., waar ons die Sondag oorstaan.

Ons vyftien kêrels was nog steeds as ‘n klein korporaalskappie bymekaar, want met die plaasvervanger van Jan Gansoog wou ons ook niks te doen hê nie - al wat ons uit hom kon kry, was net ‘n paar blaasgeluide deur sy snor, wat beteken het dat ons van hom moes wegbly!

Tuis aangekom het ons gou-gou ons weggesteekte koring in die toegewerkte beesvelle oral in die klowe gaan uithaal, dit gewas en begin om die klippies daarin uit te soek. Die vroue wat daarin geslaag het om die kampe vry te spring, het ons gehelp. Daarna het ons die koring by ‘n

meul gemaal, wat gedurende die Oorlog van verskillende stukke wat van ander ou meulens afkomstig was, in een van die klowe saamgestel en opgerig is.

Hierdie vroue was ook bittereinders en het in sommige gevalle nog veel meer smart en lyding verduur as baie van ons vegtende burgers. En van hulle, mev Lenie Venter, wat enige maande na die vredesluiting my skoonmoeder geword het, was eenkeer - soos ook so baie ander kere met ‘n wa en osse met haar gesin aan die vlug. My verloofde, Annie Venter, was ook op die wa. Kort voor sononder haal ‘n aantal Engelse en ‘n klomp swartes hulle in. Omdat dit reeds te laat was om nog dieselfde aand met die huisgesin op die wa weer hulle kamp te bereik, besluit die Kakies om die wa met alles wat daarop is te vernietig en steek dit toe aan die brand. Die moeder gryp ‘n kombers uit die brandende massa, maar hulle ruk dit uit haar hand. Sy smeek om ‘n paar komberse vir haar kinders vir die koue nag wat voorlê, maar haar wanhopige gejammer val op dowe ore. Sonder enige voedsel of bedekking word hulle daar in die veld aan hulle lot oorgelaat onderwyl die donker vinnig toesak en Kakie met sy trawante onbesorgd verder ry.

Later moes sy met ‘n kaalwa sonder tent of seil klaarkom totdat dit vrede was.

VREDE (21)

Ons was nog hard besig om brood en beskuit te bak om ons weer vir die verdere stryd toe te rus - want ons het geensins vermoed dat die Oorlog se einde reeds aangebreek het nie - toe ons aan die begin van Mei 1902 na Rietvlei opgeroep word, waar al die ander kommando's onder generaal De la Rey vergader was.

Ons moes toe stem of ons by vredesonderhandelinge gewillig sou wees om die onafhanklikheid van die Republiek prys te gee en of ons nog bereid is om vir hierdie saak die stryd voort te sit. Die Engelse was glo onder die indruk dat ons burgers lank tevore reeds onvoorwaardelik sou oorgegee het as ons offisiere ons nie so aangemoedig het nie.

Die burgers wat gewillig was om die stryd te beëindig deur onvoorwaardelike oorgawe, word toe gevra om net so te bly staan waar hulle was en dié manne wat nog kans sien om onder die haglike omstandighede die onafhanklikheid van ons dierbaar Vaderland met die wapen teen die invaller te beskerm, word versoek om oor te skuif na die anderkant. Daar het nie 'n enkel burger bly staan nie.

Nadat die offisiere vertrek het, het ons maar daar bly wag op die uitslag van die onderhandelinge wat ons regering besig was om met die vyand op Vereeniging en Pretoria te voer.

* * *

Op 'n sekere dag in Junie 1902 sien ons 'n ruiter op vinnige galop naderkom, met 'n wit vlag wat bokant hom aan 'n stok wapper. Met stille verwagting staan ons die man se koms en afwag. Dit was nie nodig om ons bymekaar te roep nie, want toe hy stilhou, het ons almal nadergestaan en om hom saamgedrom.

"Burgers," sê hy, "Ek is gestuur om julle te kom meedeel dat dit vrede is."

"Ja, maar wat van die Republiek?" word van alle kante gehoor.

Hy laat sak sy kop en sê: "Ons moes hom prysgee."

'n Paar oomblikke lank heers daar 'n doodse stilte. Wat in elkeen van die bedrukte gemoedere omgegaan het, is nie lig te beskryf nie. Met trane in die oë staan ons mekaar spraakloos en aanstaar, terwyl menigeen se gedagtes weer terugdwaal na die opofferinge en ontberings in 'n lang en bittere stryd wat alles tevergeefs was. Maar onderwyl ons so staan, probeer ons ook om in die donker toekoms in te staar. . .

Generaal De la Rey se burgers moes voor 'n Engelse offisier en 'n klompie Kakies op Swartruggens gaan wapen aflê. Die vernedering om voor my vyand my wapen neer te lê, sal ek nie lig vergeet nie.

Daarop het die offisier ons toegespreek en ons beduie dat elkeen van ons wat ons Regering tot die einde getrou gebly het, sy grootste respek wegdra. Hy belowe om toe te sien dat ons gelyke behandeling met sy mense in die land sal ontvang. Hy maak die voorstel dat ons almal

saam aan die offisiere drie hoera's moes skree en begin met lord So en So; maar ons swyg almal stroef. Daarop begin hy maar met die Boeregeneraals se name waarop ons soos één man juig dat dit luid oor die vlaktes weergalm!

'n Mens kan net jou kop in verbasing skud vir soveel dwase vermetelheid om van 'n oorwonne vyand te verwag om skielik sy seëvierende veroweraar toe te juig! Die verraaiers en hensoppers sou dit seer seker kon doen, maar hulle was toe nie daar nie.

Ek het my perd, Vêrplie, behou om met hom dieselfde pad wat ek gedurende die Oorlog te voet moes aflê, weer terug te ry, oor bulte en vlaktes wat nie meer die eiendom van my volk was nie, na 'n tuiste waar net afgebrande swart ruïnes as stom getuies gestaan het van die verwoesting en vernielsug, wat die oorsaak van soveel naamlose verdriet en smart was.

Die Oorlog was verby.

* * *

Ek wil graag as afsluiting van hierdie interessante oorlogsherinneringe van die oudstryder en bittereinder Johannes Botha, iets oor hom sê: Hy was my pa en het geleef van 1873 tot 1963. In 1946, meer as 40 jaar na die einde van die Tweede Vryheidsoorlog, het ek hom oorreed om sy herinneringe aan hierdie heroïese stryd op te skryf. Wat u in *Met ryperd en mauser* gelees het, is net wat hy na al die jare nog daarvan onthou het.

Dr J P Botha